

## **Voldoen eietydse Suid-Afrika aan die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie?**

**Chris Nelson**

---

Chris Nelson,  
onafhanklike navorsers

---

### ***Opsomming***

Die suksesvolle en snelle ekonomiese ontwikkeling wat deur talle Oos- en Suidoos-Asiatiese state sedert die 1980's bewerkstellig is deur die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie, het talle onderontwikkelde en ontwikkelende state beweeg om hierdie state se voorbeeld te volg. Suid-Afrika was een van die state wat besluit het om ook tot daadwerklike optrede oor te gaan ten einde snelle ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig. Gekonfronteer met 'n hoë vlak van ongelukheid, armoede en werkloosheid in die samelewing asook die gevare wat uit hierdie maatskaplike euwels kan voortvloei, het die Suid-Afrikaanse regering homself in 2007 formeel tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie verbind. Dit was egter eers met die aanvaarding van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP 2030) in 2012 dat die eerste daadwerklike stap ter inwerkingstelling van hierdie strategie gedoen is.

Alhoewel politici en akademici oor 'n breë spektrum die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie as 'n moedige en selfs noodsaaklike stap beskou ten einde ekonomiese groei te stimuleer, is daar egter geen eenstemmigheid oor die vraag of eietydse Suid-Afrika aan die vereistes vir die inwerkingstelling van sodanige strategie voldoen nie. Die doel van hierdie artikel is om, by wyse van 'n literatuurstudie, groter duidelikheid oor hierdie vraag te verkry.

Die ontledingsraamwerk wat gebruik word, is van vyfledige aard: Eerstens word, agtergrondshalwe, die idees en uitgangspunte wat aan die kern van 'n ontwikkelingstaatstrategie lê, belig. Tweedens word die essensiële vereistes wat geld vir die inwerkingstelling van sodanige strategie vermeld. Derdens word die huidige regering se verbintenis ter inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie aangedui. Vierdens word die vraag soos wat dit in die titel van hierdie artikel gestel is, beantwoord. Laastens word 'n samevatting van die bevindings verstrekk.

**Trefwoorde:** demokrasie; langtermynvisie; liberalisme; nasionale ontwikkelingsplan; ontwikkelingstaatstrategie; sakesektor; sosialisme; sosio-ekonomiese transformasie

### *Abstract*

#### **Does contemporary South Africa meet the requirements pertaining to the implementation of a developmental state strategy?**

Deeply conscious of the need for rapid economic development in order to eliminate the high levels of inequality, poverty and unemployment as well as the dangers that may emanate from these social evils, the South African government made the momentous decision in 2007 to formally embark on the implementation of a developmental state strategy. The first practical step toward the realisation of this goal was the adoption in 2012 of the National Development Plan 2030 (NDP 2030), also known as Vision 2030, drawn up by the National Planning Commission (NPC).

This plan envisages the radical transformation of the economic and social landscape in South Africa by 2030. The following examples may serve as illustration: an increase in employment from 13 million in 2010 to 24 million in 2030; an increase in per capita income from R50 000 in 2010 to R120 000 in 2030; an increase in the share of the national income of the bottom 40% from 6% to 10%; the elimination of poverty by reducing that part of households with a monthly income of R419 per person (2009 figures) from 39% to 0%; an annual growth in GDP of 5,4%; and an annual rise in export volumes by 6%.

Although the necessity for implementing a developmental state strategy in South Africa is a view shared by politicians and academic scholars alike, no unanimity exists regarding the viability of this particular strategy. The most intensely debated aspect relates to the question whether the essential requirements pertaining to its implementation are prevalent in contemporary South Africa. By means of a literature study, this article attempts to get greater clarity on this vexed question.

The analytical framework employed is fivefold in nature: First, the basic theoretical assumptions underpinning a developmental state strategy will be highlighted. Of primary importance in this regard is the assumption that the socio-economic development of underdeveloped societies can be attained only when the state has extensive powers not only to influence the economic, political and social development of society, but also to determine the direction of development. However, even though a developmental state strategy implies state intervention in the economy, it does not mean authoritarianism, socialism or the absence of economic liberalism. On the contrary, state intervention in order to promote the living standards of even the least developed sections of society should always be conducted within the framework of a democratic political dispensation and a capitalist economic system.

Secondly, those requirements generally regarded as essential for the implementation of a developmental state strategy will be identified.

Thirdly, a brief overview will be presented regarding the commitment of the current South African government to the implementation of a developmental state strategy. This will serve

to simultaneously present the necessary background as well as to indicate the nature and objectives of the specific strategy envisaged by the political leadership for South Africa.

Fourthly, the important question posed in this article, namely whether or not contemporary South Africa meets the essential requirements pertaining to the implementation of a developmental state strategy will be addressed. Those essential requirements regarded by most scholars as of crucial importance will serve as analytical tool. These requirements are: a long-term vision regarding economic development by the political leadership as well as the political will to steadfastly strive toward the attainment of that vision; a development-oriented and performance-driven political leadership; a state-led industrialisation policy actively supporting the business sector; a labour force supporting the singular objective of economic growth; an education system providing the knowledge and skills needed for rapid economic growth; previous experience with state-led development programmes; an effective coordinating and monitoring centre; a manufacturing-oriented business sector; an effective and professional state bureaucracy; a high savings rate providing investment capital for rapid economic growth; a corporatist framework; and societal cohesion.

The article will be concluded by providing a summary of the findings.

On the basis of the literature study conducted it is possible to conclude that while contemporary South Africa does meet some of the essential requirements, other equally essential requirements are not being met. The following four requirements are being met:

- The political leadership is committed to a long-term vision that aims at the implementation of a developmental state strategy. The leadership also displays the necessary political will in bringing that vision to fruition. Indicative are the adoption of the National Development Plan 2030 (NDP 2030) in 2012; the formulation of the Medium Term Strategic Framework (MTSF) in 2014 for implementing the NDP 2030 in three five-year cycles; and the alignment of the national budget to the first MTSF (2014–2019). However, the attainment of this vision is seriously being undermined by the leadership of the ANC's allies in the Tripartite Alliance in their ultimate aim toward creating a socialist system.
- The government did adopt an industrialisation policy that actively supports the business sector. In 2015 the government approved the seventh Industrial Policy Action Plan (IPAP) containing several incentive schemes for industrialists. Special emphasis is being placed on the empowerment of black industrialists.
- The government did establish a coordinating and monitoring centre. The Ministry of Planning, Coordination, Monitoring and Evaluation (MPCME) in the Presidency is not only specifically charged with the responsibility of implementing the NDP 2030, but also for coordinating, monitoring and evaluating the priority action plans by the various social actors as outlined in the MTSF (2014–2019).
- The government did garner previous experience regarding the implementation of state-led economic development programmes. It could draw both on the experience of governments during the apartheid era with state-sponsored economic development programmes, and also on its own experience in the implementation of its own programmes after assuming power in 1994.

Contemporary South Africa fails to meet the following eight essential requirements:

- The current political leadership is not development-oriented and performance-driven. On the contrary, based on the policy uncertainty being created on a regular basis by arbitrary and poor decision-making, a history of low economic growth, efforts toward “rent-seeking” by the “patronage politicians” within the ruling party, and the ongoing government subsidisation of a large number of ineffective and dysfunctional state-owned enterprises, the capacity as well as the quality of the political leadership displayed is seriously questioned.
- The manufacturing sector is too small to make a significant contribution toward the implementation of a developmental state strategy, even though it does constitute a foundation upon which such a strategy could successfully be implemented. In addition to its inadequate size, the contribution of the manufacturing sector toward the GDP is also on the decline.
- Except for some pockets of excellence on all levels of government, the state bureaucracy as a whole is plagued by such a myriad of deficiencies that it can hardly be expected to play a supportive role in the implementation of a developmental state strategy. Having analysed the drivers of corruption in the public sector some analysts are of the opinion that this factor alone may cause the entire sector to become dysfunctional.
- The labour force is not fully committed to the single objective of economic development as is required by a developmental state strategy. Although there are some indications that a significant section of the labour force is indeed positively inclined toward rapid economic growth, any substantial positive impact this may have is neutralised by the absence of a strong work ethic among the workers. Indicative are the high levels of labour unrest, strikes, absenteeism, low productivity and a low level of competitiveness.
- The educational system is ill-equipped to provide the labour force with the knowledge and skills that will ensure rapid economic development typifying the implementation of a developmental state strategy. Despite the fact that South Africa’s spending on education and training is among the highest in the world, the labour force is still plagued by severe skills shortages in all the vital occupational fields.
- The implementation of a developmental state strategy in South Africa is unlikely because a high savings rate that would provide the capital needed for investment and rapid economic growth is absent. Not only is the savings rate a mere 14,5% of GDP, but the inflow of foreign capital is also in sharp decline.
- The existing corporatist framework is not conducive to the implementation of a developmental state strategy. Measured against the structural, role, behavioural, and macro-environmental requirements pertaining to a successful corporatist framework, the South African framework is deficient in many respects.
- The implementation of a developmental state strategy in South African is hampered by a lack of social cohesion. Despite the transition to an inclusive democracy in 1994, the “rainbow nation” is still a deeply divided nation. Indicative are the class, regional, ethnic and tribal divisions; ideological differences; economic inequality; cultural differences and prejudices; political intolerance; racism; and the deep schisms caused by the opposing forces of modernism (individualism) and traditionalism (collectivism).

On the whole, contemporary South Africa does not satisfy the most essential requirements pertaining to the implementation of a developmental state strategy. However, this does not mean that the long-term vision regarding the implementation of such a strategy in this country should be abandoned. The strange irony is that a developmental state strategy is actually ideally suited for bringing about the rapid economic development in South Africa that is needed to ensure meaningful socio-economic transformation and stability. Given this stark reality, it is incumbent on all the main social actors in South Africa to convene a national convention, similar to the Convention for a Democratic South Africa (Codesa), at which they could collectively commit themselves to creating those conditions conducive to the implementation of a developmental state strategy.

**Keywords:** business sector; democracy; developmental state strategy; liberalism; long-term vision; national development plan; rapid economic growth; social actors; socio-economic transformation

## 1. Inleiding

Die suksesvolle en snelle ekonomiese ontwikkeling wat deur talle Oos- en Suidoos-Asiatiese state sedert die 1980's bewerkstellig is deur die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie, het talle onderontwikkelde en ontwikkelende state beweeg om hierdie state se voorbeeld te volg. Suid-Afrika was een van die state wat reeds in die laat 1990's besluit het om tot daadwerklike optrede oor te gaan ten einde snelle ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig. Gekonfronteer met 'n hoë vlak van ongelykheid, armoede en werkloosheid in die samelewing asook die gevare wat uit hierdie maatskaplike euwels kan voortvloei, het die Suid-Afrikaanse regering homself uiteindelik in 2007 formeel tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie verbind. Dit was egter eers met die aanvaarding van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP 2030) in 2012 dat die eerste daadwerklike stap ter inwerkingstelling van hierdie besondere strategie gedoen is.

Die NOP 2030 beoog om die bestaande ekonomiese en maatskaplike orde in Suid-Afrika teen 2030 ingrypend te verander. Ter illustrasie kan gemeld word dat die NOP 2030 dit in die vooruitsig stel dat 11 miljoen nuwe werkseleenthede teen 2030 geskep moet word; 'n jaarlikse groei in BBP van 5,4% bereik moet word; en uitvoervolumes jaarliks met 6% moet toeneem (NBK 2012).

Alhoewel politici en akademici oor 'n wye spektrum die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in eietydse Suid-Afrika as 'n moedige en selfs noodsaaklike stap in die bekamping van armoede, werkloosheid en ongelykheid beskou, is daar egter nie eenstemmigheid oor die lewensvatbaarheid van hierdie besondere ontwikkelingstrategie nie. Die enkele aspek waaroor die grootste verdeeldheid heers, het betrekking op die vraag: Voldoen eietydse Suid-Afrika aan die vereistes vir die inwerkingstelling van sodanige strategie? Die doel van hierdie artikel is om by wyse van 'n literatuurstudie groter duidelikheid oor hierdie aangeleentheid te verkry.

Die ontledingsraamwerk wat gebruik word om die doel van hierdie artikel te verwesenlik sien soos volg daaruit: Eerstens word die idees en uitgangspunte wat ten grondslag van 'n ontwikkelingstaatstrategie lê, saaklik verduidelik. Tweedens word die essensiële vereistes

wat geld vir die inwerkingstelling van sodanige strategie aangedui. Dertens word 'n breë oorsig verskaf van die huidige regering se verbintenis tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie. Vierdens word die vraag soos wat dit in die titel van hierdie artikel gestel is, beantwoord. Laastens word 'n samevatting van die bevindings verstrekk.

## 2. Uitgangspunte onderliggend aan 'n ontwikkelingstaatstrategie

Die uitgangspunt wat 'n ontwikkelingstaatstrategie ten grondslag lê, is dat die sosio-ekonomiese ontwikkeling van ontwikkelende samelewings moontlik is slegs wanneer die staat oor uitgebreide mag beskik om nie alleen die ekonomiese, politieke en maatskaplike lewe te beïnvloed nie, maar ook die rigting van ontwikkeling te bepaal. In hierdie verband is die navorsingsbevindings van Andrzej Bolesta (2007:105), navorsingsgenoot verbonde aan die Londense Skool vir Ekonomie en Politieke Wetenskap en kundige oor die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in die Volksrepubliek van China (VRC) gedurende die na-sosialistiese era, belangwekkend. Hy wys daarop dat daar geen opgetekende gevalle in die ontwikkelende wêreld bestaan waar ongebreidelde ekonomiese liberalisme, ongeag die snelle ekonomiese groei wat dit bewerkstellig, maatskaplike transformasie op 'n breë grondslag tot gevolg gehad het nie.

Alhoewel 'n ontwikkelingstaatstrategie dus staatsbetrokkenheid in die ekonomie impliseer, beteken dit egter nie outoritarisme, sosialisme of die afwesigheid van ekonomiese liberalisme nie. Intendeel, hoe belangrik en noodsaaklik intervensionisme deur die staat ook al geag word om ekonomiese groei te bewerkstellig en sodoende die lewenstandaard van die armste gedeeltes van die sameleving te verbeter, moet hierdie staatsbetrokkenheid binne die raamwerk van 'n demokratiese politieke bestel en 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel geskied. Die moderne geskiedenis het onweerlegbaar bewys dat oral waar outoritêre en sosialistiese eksperimente toegepas is, daardie eksperimente misluk het of tans in die proses van verval is. Enkele voorbeelde waarna verwys kan word, is die voormalige Unie van Sosialistiese Sowjet-republieke (USSR) en sy satellietstate, die VRC gedurende die sosialistiese era, Kuba en Venezuela.

Belangwekkend is egter die feit dat die besondere kapitalistiese model wat ten grondslag van 'n ontwikkelingstaatstrategie lê, verskil van neoliberalisme en laasgenoemde se beklemtoning van maksimale privatisering van staatseiendom, privaatbesit van alle produksiemiddele, deregulering, en 'n beperkte rol vir die staat, deurdat aan die staat wel 'n beduidende rol in die ekonomie toegeken word.

Bolesta (2007:105) verduidelik 'n ontwikkelingstaatstrategie treffend deur aan te toon dat dit nie kapitalisties of sosialisties is nie. Hy plaas dit gevolglik halfpad tussen 'n liberale ope ekonomie en 'n sentraalbeplande ekonomie. Volgens hom is dit gebaseer op die positiewe voordele van private ondernemerskap en die positiewe voordele van 'n rol deur die staat in die ekonomie. Wat laasgenoemde betref, is dit veral die staat se regulerende, beleidformulerende, infrastruktuurskeppende en maatskaplik-ondersteunende vermoëns wat van kardinale belang is in die skepping van 'n klimaat waarin snelle ekonomiese ontwikkeling kan gedy.

Volgens Meredith Woo-Cumings (1999a:1–2), verbonde aan die Universiteit van die Noordweste in die VSA, impliseer ’n ontwikkelingstaatstrategie ’n intervensionistiese staat, maar nie ’n sosialistiese of “plan-irrasionele” staat nie. Verder impliseer dit ook nie ’n kapitalistiese of ’n “geen plan”-staat nie. Dit impliseer wel ’n “plan-rasele” kapitalistiese staat wat privaatbesit met staatsleiding vermeng en integreer. Die uitgangspunt wat hierdie besondere beskouing van ’n ontwikkelingstaatstrategie ten grondslag lê, is dat daar ’n onderling voordelige verhouding tussen die politieke elite en staatsburokrate aan die een kant en die niestaatlike entrepreneurs en werkers aan die ander kant geskep word en wel op sodanige wyse dat die een nie die ander oorheers nie (Nwokorie s.j.).

Die historikus Andrew Heywood (2002:96) stem grootliks met voormelde navorsers saam. Volgens hom rus die strategie van ’n ontwikkelingstaat op die uitgangspunt dat staatsbetrokkenheid in die ekonomie uitsluitlik daarop ingestel is om nywerheids groei en ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig. Dit impliseer egter nie die vervanging van die vryemarkstelsel met ’n sosialistiese stelsel nie, maar is eerder ’n poging om ’n vennootskap te bewerkstellig tussen die staat en die hoof ekonomiese belangegroep, hoofsaaklik die grootsakesektor (“big business”) en georganiseerde arbeid.

Die uitgangspunt in ’n ontwikkelingstaatstrategie dat staatsbetrokkenheid in die ekonomie as noodsaaklik geag word om sosio-ekonomiese transformasie te bewerkstellig blyk ook uit die oortuiging dat alhoewel ’n kapitalistiese ekonomiese stelsel uitnemend daarin slaag om hoë vlakke van ekonomiese groei en ontwikkeling in samelewings te bewerkstellig, dit nie noodwendig ongelykheid in daardie samelewings uitwis nie. Die Franse ekonoom Thomas Piketty (2014) professor in ekonomie aan die Paryse Skool vir Ekonomie, het in sy onlangse boek, *Capital in the twenty-first century*, inderdaad bevind dat die ongelykheid in samelewings oor die afgelope aantal eeue nie ’n toevallige onreëlmatigheid of anomalie is nie, maar primêr veroorsaak is deur strukturele gebreke eie aan die kapitalistiese stelsel en in besonder die sneeubaleffek van oormatige konsentrasie van rykdom. Voorts het Piketty bevind dat hierdie ongelyke verspreiding van rykdom slegs deur staatsbetrokkenheid in die ekonomie uit die weg geruim kan word. Indien dit nie gebeur nie, word die voortbestaan van die ganse demokratiese orde in ’n staat bedreig.

Dit is interessant dat een van die wêreld se leidende sakemagnate, Bill Gates (2014), Piketty se bevinding ondersteun. Hy wys daarop dat ongelykheid in samelewings inderdaad problematies is, aangesien dit die demokratiese stelsel ten gunste van invloedryke belangegroep kantel en die beginsel dat alle mense in die samelewing gelyk is, ondermyn; dat kapitalisme homself nie ten gunste van groter gelykheid in die samelewing korrigeer nie (oormatige konsentrasie van rykdom het ’n sneeubaleffek indien dit toegelaat word om onbeteueld voort te bestaan); en dat regerings ’n opbouende rol kan speel om die sneeubaltendens teen te werk sou en wanneer hulle dit verkies.

Die grondliggende uitgangspunt van ’n ontwikkelingstaatstrategie dat staatsintervensio nisme belangrik is in die sosio-ekonomiese ontwikkeling van ’n ontwikkelende samelewing, blyk ook uit die beskouing daarvan deur die Nasionale Beplanningskommissie (NBK) (2012), wat verantwoordelik was vir die opstel van die NOP 2030. Volgens hierdie instelling bewerkstellig die inwerkingstelling van hierdie besondere strategie vinnige en volhoubare transformasie in ’n samelewing se ekonomiese en maatskaplike toestande deur aktiewe, intensiewe en effektiewe staatsbetrokkenheid in die strukturele en maatskaplike oorsake van onderontwikkeling.

Verdere begrip van die grondliggende uitgangspunte waarop 'n ontwikkelingstaatstrategie gebaseer is, kan verkry word uit die Educational and Training Unit (ETU), 'n nieregeringsorganisasie wat transformasie, ontwikkeling en demokrasie in Suid-Afrika bevorder, se siening daarvan (ETU s.j.). 'n Staat waarin hierdie strategie toegepas word, word gekenmerk as 'n staat wat 'n aktiewe rol speel om ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig deur die nasionale hulpbronne aan te wend ten einde die behoeftes van die samelewing te bevredig; 'n balans tussen ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling te bewerkstellig; en staatsbronne en -invloed te gebruik om armoede te beveg en ekonomiese geleentheid te skep.

### **3. Die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie**

Dit is gebiedend dat daar vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie aan bepaalde vereistes voldoen moet word. Alhoewel navorsers nie eensstemmig is rakende die presiese aard van hierdie vereistes nie, word die volgende in mindere of meerdere mate deur die meeste as onontbeerlik beskou:

- 'n Langtermynvisie oor ekonomiese ontwikkeling deur die politieke leierskap en die wil om daardie visie aktief na te streef.
- 'n Ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap.
- 'n Staatsgeleide industrialiseringsbeleid wat die sakesektor aktief ondersteun.
- 'n Arbeidsmag wat die enkelvoudige doelstelling van ekonomiese groei ondersteun.
- 'n Opvoedkundige stelsel wat die kundigheid en vaardighede vir ekonomiese groei kan lewer.
- Vorige ervaring met staatsgeleide ontwikkelingsprogramme.
- 'n Doeltreffende koördinerings- en moniteringsentrum.
- 'n Vervaardigingsgeoriënteerde sakesektor.
- 'n Doeltreffende en professionele staatsburokrasie.
- 'n Hoë spaarkoers wat vir belegging aangewend kan word.
- 'n Korporatistiese raamwerk.
- Samelewingsamehorigheid.

In 'n ontleding van die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie het die ETU (s.j.) drie vereistes geïdentifiseer. Eerstens moet die staat oor die nodige strategiese vermoë beskik. Dit beteken dat die staat oor die vermoë moet beskik om die leiding te neem in die opstel van 'n gemeenskaplike nasionale ontwikkelingsagenda; om die samelewing te mobiliseer in die aanvaarding van en deelname aan daardie agenda; om die samelewing se bronne te gebruik ter verwerkliking van die gedeelde program; om 'n tydraamwerk aan die verwesenliking daarvan te koppel; en om die inwerkingstelling van die program te monitor.

Tweedens moet die staat oor die nodige organisatoriese en tegniese vermoë beskik. Organisatoriese vermoë beteken dat die staat oor die nodige strukture en stelsels moet beskik om sy ontwikkelingsdoelwitte te bereik. Indien dit nie bestaan nie, moet sulke strukture en stelsels geskep word. Tegniese vermoë veronderstel die vermoë om beleidsdoelwitte in programme en projekte te omskep wat inwerkingstelling moontlik sal maak. Veral ekonomiese-ontwikkelingsprojekte benodig dienste, infrastruktuur en kundige personeel.



Derdens sal die sukses van 'n ontwikkelingstaatstrategie volgens die ETU (s.j.) bepaal word deur die aktiewe betrokkenheid van alle maatskaplike vennote in die samelewing in die formulering van nasionale beleid. Sonder 'n uitdruklike maatskaplike akkoord of “volkskontrak” tussen die regering, arbeid, sakelui en instellings in die burgerlike samelewing, oftewel korporatisme, is die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie nie moontlik nie. Die belangrikheid van 'n “volkskontrak” vir die suksesvolle inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie word ook sterk beklemtoon deur Omano Edigheji (2006), navorsingsbestuurder van die Centre for Policy Studies (CPS).

Met spesifieke verwysing na die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in Afrika verwys Musamba (2010:21–6) na die belangrikheid van 'n ontwikkelingsgeoriënteerde politieke leierskap; 'n doeltreffende en outonome burokrasie; 'n produksiegeoriënteerde privaatsektor; en 'n prestasiegeoriënteerde regering.

Dit moet beklemtoon word dat die lys van vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie soos hier bo uiteengesit, nie op volledigheid aanspraak maak nie. Aspekte wat eweneens 'n belangrike rol speel, maar as gevolg van verskeie oorwegings, waaronder die omvang en fokus van hierdie artikel, nie bespreek is nie, sluit in likiede markte; 'n gekapitaliseerde en onafhanklik-gereguleerde banksektor; 'n onafhanklike monetêre beleid; fiskale dissipline; 'n internasionale handelsbeleid; 'n ontwikkelde fisiese-infrastruktuurstelsel; 'n vernuwingsbeleid; 'n stewige hulpbronnestelsel; en 'n nasionale gesondheidstelsel.

#### **4. Die huidige Suid-Afrikaanse regering se verbintenis tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie**

Die navorsers Edigheji (2010a:1) en Netshitenzhe (2011) wys daarop dat die ANC-regering reeds sedert sy bewindsaanvaarding in 1994 die standpunt verkondig het dat die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in Suid-Afrika onontbeerlik is ten einde hoë vlakke van werkloosheid, armoede en ongelykheid teen te werk. Ofskoon hierdie oogmerk in 1998 en in 2000 herhaal is, was dit egter eers in 2005 dat die Nasionale Algemene Raad van die ANC besluit het dat sodanige strategie gevolg moet word om die ekonomie te herstruktureer en ekonomiese groei te versnel. Tydens die 52ste nasionale konferensie van die ANC gedurende Desember 2007 in Polokwane is 'n resoluësie aanvaar waarin dié party homself formeel tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie verbind het (ANC 2007).

Dit is belangrik om te meld dat tot op daardie stadium verskeie makro-ekonomiese programme beleidformulering bepaal het, waaronder die Reconstruction and Development Programme (RDP) (1994); die Growth, Employment and Redistribution Programme (GEAR) (1996); die Accelerated and Shared Growth Initiative (ASGI-SA) (2006); en die National Industrial Policy Framework (NIPF) (2007) (Lundahl en Petersson 2009:1–20).

Die RDP is algemeen as 'n ontwikkelingsgerigte program beskou, terwyl die daaropvolgende programme ook neoliberale kenmerke vertoon het. Vanweë die kritiek teen hierdie programme, veral vanuit die geledere van die ANC se sosialisties-georiënteerde bondgenote in die Drieparty-alliansie, naamlik die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) en

die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), was die party genoop om met aanpassings aan sy makro-ekonomiese beleid vorendag te kom. Die SAKP en Cosatu was nie alleen voorstanders van die radikale sosio-ekonomiese transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing by wyse van die Leninisties-geïnspireerde nasionale demokratiese revolusie nie, maar ook teenstanders van enige vorm van ekonomiese liberalisme. Die idee van 'n ontwikkelingstaatstrategie het nieteenstaande die ideologiese verdeeldheid in die geleedere van die Drieparty-alliansie, vir die ANC, as die dominante rolspeler in die alliansie, geblyk die oplossing te wees om hierdie ideologiese Gordiaanse knoop deur te haak.

Gedurende April 2010 is die eerste daadwerklike stap deur die regering gedoen in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie. Die NBK is in die lewe geroep met die opdrag om 'n langtermynvisie en nasionale strategiese ontwikkelingsplan vir Suid-Afrika vir die volgende twee dekades te ontwikkel. Die hoof van die NBK het direk aan die president gerapporteer. Die voorsitter was Trevor Manuel, met die huidige adjunkpresident, Cyril Ramaphosa, as ondervoorsitter (RSA s.j.).

In 'n diagnostiese verslag wat in 2011 vrygestel is, het die NBK nege ekonomiese, politieke en maatskaplike uitdagings geïdentifiseer waaraan in die voorgename strategiese-ontwikkelingsplan voorrang verleen moes word (RSA s.j.). Dit het ingesluit werkloosheid; die swak kwaliteit van onderwys waaronder veral swart Suid-Afrikaners gebuk gaan; 'n ontoereikende infrastruktuur; 'n onvolhoubare hulpbron-intensiewe groeimodel; die ongelyke ontwikkeling tussen stedelike en plattelandse gebiede; 'n swak openbaregesondheidstelsel; 'n staatsburokrasie wat nie na wense presteer nie; die ondermyning van staatslegitimiteit en -dienslewering as gevolg van korrupsie en wanbesteding; en 'n samelewing wat steeds diep verdeeld is (RSA s.j.; Stanlib 2011).

Na afloop van 'n omvattende navorsingsproses en met inagneming van die nege uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, is die NOP 2030 gedurende 2012 deur die NBK bekendgestel. Ingevolge hierdie ambisieuse program, wat tientalle doelwitte op 'n ewe groot aantal terreine omsluit, word beoog om die bestaande ekonomiese en maatskaplike orde in Suid-Afrika teen 2030 radikaal te verander. Die NOP-2030, ook soms genoem Visie-2030, stel dit byvoorbeeld in die vooruitsig om indiensneming van 13 miljoen in 2010 tot 24 miljoen in 2030 uit te brei; inkomste per persoon van R50 000 in 2010 tot R120 000 in 2030 te verhoog; die onderste 40% se aandeel in die nasionale inkomste van 6% tot 10% te vergroot; armoede uit te skakel deur daardie gedeelte van huishoudings met 'n maandelikse inkomste van R419 per persoon (2009 se syfer) van 39% tot 0% te verminder; 'n jaarlikse groei in BBP van 5,4% te bereik; en uitvoervolumes jaarliks met 6% te laat toeneem (NBK 2012b:61).

Tydens die 53ste nasionale konferensie van die ANC gedurende Desember 2012 te Mangaung is die NOP 2030 as die party se amptelike beleid aanvaar. Verder is besluit dat toekomstige staatsbegrotings met die doelwitte soos in die NOP 2030 uitgespel, belyn sou word (ANC 2012). Ten einde uitvoering aan hierdie plan te gee het president Zuma op 20 Junie 2014, in sy jaarlikse staatsrede, aangekondig dat die Maleisiese ontwikkelingsmodel ingespan sal word om die doelwitte van die NOP 2030 vinniger te behaal. Die projek sal bekend staan as Operasie Phakisa (*phakisa* is 'n Sotho-woord vir *versnel*). Dit sal aanvanklik gefokus wees op die ontwikkeling van Suid-Afrika se maritieme gebiede en in besonder die benutting van die olie- en gasreserwes in hierdie gebiede. Dit word bereken dat Suid-Afrika se maritieme gebiede oor energiereserwes gelykstaande aan nege miljard vate ru-olie beskik.

Die gasreserwes is eweneens enorm, alhoewel dit tans nie bekend is wat die presiese omvang daarvan is nie (SouthAfrica.info 2014a). Operasie Phakisa sal mettertyd na ander terreine uitgebrei word.

Op 8 Augustus 2014 het Jeff Radebe, die minister in die presidensie vir beplanning, monitering en evaluering, die jongste Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSF), vir 2014–2019, vrygestel. Hierdie raamwerk omvat die regering se omvattende plan vir die toepassing van die doelwitte van die NOP 2030 oor die volgende vyf jaar. Hy het ook aangekondig dat die NOP 2030 gedurende die tydperk 2014 en 2030 in drie vyfjaarsiklusse toegepas sal word (Politicsweb 2014). Na sy aanstelling as voorsitter van die NBK gedurende September 2015 het hy die belangrikheid van die NOP 2030 beklemtoon en opnuut 'n beroep op alle maatskaplike hoofrolspelers gedoen om die plan met hernude ywer in werking te stel.

Presies hoe belangrik die inwerkingstelling van die NOP 2030 vir die huidige Suid-Afrikaanse regering is in sy pogings om die drievoudige uitdaging van ongelykheid, armoede en werkloosheid teen te werk, blyk uit die volgende verklaring deur Zuma tydens die bekendstelling van die MTSF gedurende Augustus 2014:

Hierdie plan is aanvaar as 'n nasionale plan vir die samelewing in sy geheel. Dit is ons padkaart vir die volgende 20 jaar. Alles wat ons in die regering doen, is nou deel van die omvattende Nasionale Ontwikkelingsplan, insluitende alle operasionele planne, hetsy maatskaplik, ekonomies of polities. (SAnews.gov.za 2014; my vertaling)

## **5. Voldoen eietydse Suid-Afrika aan die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie?**

In die bespreking hier bo is 'n aantal onontbeerlike vereistes waaraan voldoen moet word vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie geïdentifiseer. In hierdie gedeelte van die artikel sal bepaal word of eietydse Suid-Afrika aan elkeen voldoen al dan nie.

### ***5.1 'n Langtermynvisie en politieke wil deur die politieke leierskap***

Aan hierdie belangrike vereiste word voldoen. Die politieke leierskap van die ANC het nie alleen die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie as langtermynvisie aanvaar nie, maar demonstreer ook die politieke wil om daardie strategie toe te pas. Soos in die bespreking hier bo aangedui, het die politieke leierskap homself reeds in 2007 formeel tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie as die party se langtermynvisie verbind. Die aanvaarding van die NOP 2030 (Visie 2030) in 2012 verteenwoordig egter die eerste belangrike stap in die nastreef van hierdie visie. Met die aanvaarding van die MTSF in 2014 en die besluit om die NOP 2030 in drie vyfjaarsiklusse wat oor die bewindstydperke van etlike toekomstige regerings sal strek, in werking te stel, asook die belyning van die nasionale begrotings met die MTSF, het die politieke leierskap gedemonstreer dat hulle ook oor die politieke wil beskik om die gestelde langtermynvisie tot vervulling te bring.

Wanneer egter ondersoek ingestel word na die houding van die politieke leierskap in die ANC se bondgenote in die Drieparty-alliansie jeens die inwerkingstelling van 'n langtermynstrategie van hierdie aard en die politieke wil om dit ten uitvoer te bring, kom 'n totaal andersoortige prentjie na vore. Beide die SAKP en Cosatu is vanweë hul ideologiese

verbintenis tot marxisme-leninisme gekant teen enige vorm van ekonomiese liberalisme en dus ook enige vergestaltung daarvan in 'n langtermynvisie soos die NOP 2030. Die SAKP het sy teenkating teen die NOP 2030 reeds in 2013 in 'n dokument van 484 bladsye uiteengesit ofskoon SAKP-lede wat in die kabinet dien, ampshalwe genoodsaak is om betrokke te wees by die inwerkingstelling daarvan (Hlongwane 2013). Rakende die presiese aard van die SAKP se langtermynvisie is dit bekend dat die party verbind is tot die daarstelling van 'n "nasionale demokratiese samelewing" by wyse van 'n "nasionale demokratiese revolusie". In wese impliseer hierdie langtermynvisie die daarstelling van 'n outoritêre sosialistiese orde in Suid-Afrika.

In sy reaksie op die NOP 2030 is Cosatu selfs meer veroordelend as die SAKP. Volgens die politieke kommissie van hierdie vakbondfederasie verteenwoordig die NOP 2030 nie 'n nastrewenswaardige langtermynvisie nie, maar vorm dit eerder 'n bedreiging vir die "progressiewe vorderings" teen "wit monopolistiese kapitalisme" wat Suid-Afrika reeds onder die leiding van die Drieparty-alliansie gemaak het (Marrian 2013). Saam met die SAKP beywer Cosatu hom vir die daarstelling van 'n "nasionale demokratiese samelewing" by wyse van 'n "nasionale demokratiese revolusie".

### ***5.2 'n Ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap***

Die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie is nie moontlik sonder 'n politieke leierskap wat nie alleen ten volle verbind is tot duidelike ontwikkelingsdoelwitte nie, maar ook bereid is om in die nastrewing van daardie doelwitte persoonlike verryking en korttermyn politieke voordele as van geen of sekondêre belang nie te stel. Volgens Phillippe Burger (2014), professor in ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat, word 'n enkelvoudige fokus op ekonomiese groei deur die politieke leierskap as die primêre dryfkrag in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie beskou.

Wanneer die inwerkingstelling van sodanige strategie in eietydse Suid-Afrika ondersoek word ten einde die rol van die politieke leierskap te bepaal, is 'n skerp teenstrydigheid waarneembaar. Aan die een kant het die politieke leierskap, soos aangetoon, die ideaal van 'n ontwikkelingstaatstrategie as langtermynvisie aanvaar en toon dit ook, deur die aanvaarding van 'n hele reeks ontwikkelingsplanne, die nodige wil om die ideaal ten uitvoer te bring. Aan die ander kant kan dieselfde politieke leierskap se optrede ter vervulling van die gestelde ideaal egter nie as ontwikkelingsgeoriënteerd en prestasiegedrewe beskou word nie.

Verskeie voorbeelde dien ter illustrasie van hierdie besondere ingesteldheid deur die politieke leierskap. Eerstens is daar die optrede van 'n invloedryke faksie in die huidige leierskap van die regerende party wat by uitstek daarop ingestel is om 'n besondere vorm van selfverryking ("rent-seeking") aktief toe te pas. Ofskoon *rent-seeking* wye definiëring geniet, verwys dit in die konteks van die Suid-Afrikaanse politieke leierskap na die doelbewuste manipulering van die sosiale en politieke omgewing ten einde ekonomiese voordele te verkry sonder om in ruil enige ontwikkeling te bewerkstellig wat tot voordeel van die samelewing sal strek. Die faksie in die huidige politieke leierskap wat hierdie manipulerende gedrag vertoon, word deur Co-Pierre Georg (2016), senior lektor verbonde aan die Africa Institute of Financial Markets and Risk Management aan die UK, geïdentifiseer as die "patronaat-politici" ("patronage politicians") wat nou met Zuma geassosieer word.

Die rede waarom hierdie faksie se optrede as uiters nadelig vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie beskou kan word is, volgens Georg (2016), geleë in die feit dat hul manipulerende optrede die weg baan vir nie alleen staatsuitbuiting nie, maar veral “staatskaping”. “Staatskaping” vind plaas wanneer politieke leiers sake-ondernemings wat op gewetenlose winsbejag ingestel is, toelaat om wetgewing, beleidsrigtings, regulasies, regeringskontrakte (“tenders”) en selfs sleutelaanstellings deur die regering in hul guns te beïnvloed op voorwaarde dat aan die leiers of hul meelopers private ekonomiese voordele toegeken word. Volgens Georg (2016) is daar talle voorbeelde van “staatskaping” in eietydse Suid-Afrika wat die direkte gevolg is van die manipulerende optrede deur die “patronaat-politici”. Verder verduidelik hy ook die gevare wat “staatskaping” vir sowel die ekonomie as die effektiewe funksionering van 'n verskeidenheid belangrike staatsinstellings inhou.

Tweedens word die afwesigheid van 'n ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap treffend geïllustreer deurdat die Suid-Afrikaanse ekonomie volgens Ian Cruickshanks (2015), hoofekonoom van die SAIRV, “vasgeketting” word deur onbuigsame arbeidsmarkregulasies en 'n ondoeltreffende reguleringsraamwerk. Ter illustrasie van die begrensing van ekonomiese vryheid in Suid-Afrika deur die regering verwys hy na die syfers wat in 2015 deur die Erfenisstigting se Indeks van Ekonomiese Vryheid verstrekk is. Hiervolgens beklee Suid-Afrika tans die 72ste plek uit 178 state. Sedert 1995 het die volgende vryhede die meeste afgeneem: beleggingsvryheid (20 indekspunte), ondernemingsvryheid (12 indekspunte) en vryheid van korrupsie (8 indekspunte).

Die afwesigheid van 'n ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap blyk ook uit data wat deur Afrobarometer tydens opnames verkry is en gedurende 2016 bekendgestel is. Hiervolgens is slegs 37% van alle Suid-Afrikaners tans daarvan oortuig dat die ekonomiese ontwikkeling wat sedert 1994 plaasgevind het, van sodanige aard was dat daar 'n verbetering in hul lewensomstandighede ingetree het (Merten 2016a). Volgens Rashad Cassim, die Suid-Afrikaanse Reserwebank se hoof van ekonomiese navorsing en statistiek, het die Suid-Afrikaanse ekonomie selfs “in goeie tye” nie met meer as 2 tot 3% gegroei nie (Van Rensburg 2016). Tans is die groeikoers baie laag. Die kredietgraderingsagentskap Standard & Poor het gedurende Desember 2015 die ekonomiesegroei-vooruitsig vir Suid-Afrika vir 2016 hersien van 1,6% tot 0,8%. Saam daarmee is ook die waarskuwing gerig van 'n afgradering tot subbeleggingstatus oftewel “rommelstatus” (Maswanganyi 2016).

'n Derde aspek wat die gebrek aan 'n ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap in Suid-Afrika baie duidelik demonstreer, is die regering se voortgesette subsidiëring van 'n groot aantal ondoeltreffende en disfunksionele staatsbeheerde ondernemings. Regeringswaarborges aan hierdie instellings beloop tans R467 miljard. Nieteenstaande die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie en die kapitalistiese grondslag daarvan, word die siening dat staatsbeheerde ondernemings die beste meganisme daarstel om sosio-ekonomiese transformasie in Suid-Afrika te bewerkstellig, steeds wyd in die Drieparty-alliansie verkondig.

Tydens die bespreking van haar begrotingspos in die parlement op 14 Mei 2015 het die minister van openbare ondernemings, Lynne Brown, daarop gewys dat Eskom en die ander staatsbeheerde ondernemings tans 'n beduidende bydrae moet lewer in die uitkakeling van die drie groot maatskaplike probleme, naamlik werkloosheid, ongelykheid en armoede, aangesien die privaatsektor, aangedryf deur die winsmotief, nie hierdie taak kan volvoer nie

(Pressly 2015). Op 26 Mei 2015 het ook adjunkpresident Cyril Ramaphosa, tydens 'n bespreking van die presidensie se begrotingspos, beklemtoon dat die staatsbeheerde ondernemings 'n kernrol in sosio-ekonomiese opheffing te vervul het en inderdaad die vonk kan verskaf wat nodig is vir die radikale ekonomiese transformasie van Suid-Afrika (News24 2015).

Ter agtergrond kan genoem word dat daar in 2013 meer as 300 staatsbeheerde ondernemings bestaan het terwyl Ramaphosa die getal in 2016 op 700 gestel het (Techcentral 2016). Volgens D.J. Fourie, professor aan die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), domineer die vier grootste staatsbeheerde ondernemings, naamlik Telkom (telekommunikasie), Eskom (kragverskaffing), Transnet (vervoer) en Denel (wapenproduksie), die sleutelsektore van die ekonomie en beskik gevolglik oor die potensiaal om nywerheidsontwikkeling en ekonomiese vooruitgang te stimuleer of te ondermyn (Fourie s.j.).

Dit is veral die regering se weiering om die staatsbeheerde Eskom se monopolie oor die verskaffing van elektrisiteit te verbreek deur dit volledig of gedeeltelik te privaatiseer wat deur kritici sterk veroordeel word. Die kritiek sentreer om die feit dat Eskom, ongeag 'n hoë tariefstruktuur en enorme subsidiëring deur die regering (R23 miljard in 2015 alleen (Paton 2015)), nie in staat is om genoegsame elektrisiteit vir nywerheidsontwikkeling en ekonomiese vooruitgang te lewer soos deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis word nie. Volgens Leon Louw, uitvoerende direkteur van die Vryemarkstigting, is dit "absurd" om met sodanige beleid te volhard terwyl Suid-Afrika se elektrisiteitsbehoefes vinnig, doeltreffend en kostedoeltreffend bevredig kan word deur private verskaffers in 'n gedereguleerde mark (Louw 2015). Hy wys verder daarop dat die gebrek aan elektrisiteit ekonomiese groei belemmer en sodoende die probleme van werkloosheid, armoede en ongelykheid in die samelewing vererger. Die energieverkassingskonsultant Dirk de Vos maak selfs die bewering dat Eskom in sy huidige vorm organisatories, tegnies/operasioneel, finansiële en in terme van sy impak op die omgewing onvolhoubaar is (De Vos 2015).

Laastens word die gebrek aan 'n ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap waarskynlik op geen duideliker wyse gedemonstreer as deur die arbitrêre besluitneming en optrede deur die President en die oënskynlike kondonering daarvan deur die meerderheid van die ANC se politieke leierskap nie. Die mees sprekende voorbeeld in hierdie verband is die summiere afdanking van die Minister van Finansies gedurende Desember 2015 en die aanstelling van 'n betreklik onervare parlamentslid as sy plaasvervanger sonder inagneming van die ekonomiese gevolge daarvan.

Met hierdie besluit het die president nie alleen vertrou in die politieke besluitnemingsproses skade berokken nie, maar ook die nasionale ontwikkelingsagenda benadeel. Ekonomie plaaslik en in die buiteland is dit met mekaar eens dat hierdie besluit talle uiters nadelige gevolge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie op lang termyn sal hê (BusinessTech 2015). Volgens die aanlyn nuusblad *Rand Daily Mail* (2015) het hierdie besluit Suid-Afrika se ekonomie groter skade berokken as die ekonomiese krisis van 2008.

'n Aspek van besondere belang betreffende die President se besluit wat beklemtoning verdien, is die styging in die vlak van beleidsonsekerheid wat dit tot gevolg gehad het. In die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie het beleidsonsekerheid 'n uiters negatiewe uitwerking. Aanduidend van die omvang daarvan is die piek ("spike") in

beleidsonsekerheid wat deur die NWU se Skool vir Besigheid en Korporatiewe Bestuur (NWU SBK) se nuutgeskepte Suid-Afrikaanse Beleidsonsekerheidsindeks (BOI) vir die vierde kwartaal van 2015 gemeet is. Die betrokke indeks, wat 'n basispunt van 50 gebruik, het tot 55,4 punte gestyg (Creamer 2016). Op soortgelyke wyse het ook die politieke/beleidskomponent van die aankopebestuurdersindeks (Purchasing Managers' Index, of PMI), saamgestel deur die Buro vir Ekonomiese Onderzoek (BEO) aan die US, gedurende dieselfde tydperk en om dieselfde rede tot die swakste vlak sedert 1993 gedaal (Creamer 2016).

### ***5.3 'n Staatsgeleide industrialiseringsbeleid wat die sakesektor aktief ondersteun***

In eietydse Suid-Afrika word aan hierdie vereiste voldoen, aangesien daar wel duidelike tekens bestaan van 'n staatsgeleide industrialiseringsbeleid wat die sakesektor ondersteun. Reeds gedurende 2007 het die regering die Nasionale Industriële Beleidsraamwerk (NIPF) en die eerste Nywerheidsbeleidaksieplan (IPAP) in samewerking met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK), wat reeds in 1940 in die lewe geroep is, aanvaar. Die doel van die NIPF, die IPAP en die NOK is om deelname aan die ekonomie te verbreed deur ondersteuning te bied aan klein en mediumgrootte-ondernemings, indiensneming te bevorder en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging te bewerkstellig. Die NIPF en die IPAP sal primêr gefokus wees op die vervoeruitrusting- en metalebedryf, die motorvervaardiging- en -komponentebedryf, die chemiese, plastiek- en farmaseutiese bedryf, en die bosbou-, pulp- en papierbedryf. Tydens die bekendstelling van die NIPF en die IPAP is dit duidelik gestel dat die doelwitte geharmoniseer is met die mandaat van die NOK. Die NOK sal, benewens sy steun aan bogemelde bedrywe, ook betrek word in die formulering en inwerkingstelling van strategieë in daardie bedrywe in die vervaardigingssector wat nie spesifiek in die IPAP gespesifiseer nie (ACCESS 2007).

Gedurende 2015 het die regering die sewende IPAP, wat die tydperke 2015–2016 en 2017–2018 dek, goedgekeur. Gegewe die swak ekonomiese klimaat in die wêreld sal hierdie IPAP gerig wees op nywerheidsontwikkeling nie alleen deur die sakesektor nie, maar ook deur die staat self en die staatsbeheerde ondernemings (RSA s.j.).

Volgens die Departement van Handel en Nywerheid, wat vir die inwerkingstelling van die IPAP verantwoordelik is, word van hoofsaaklik twee tipes aansporingsmaatreëls gebruik gemaak. Eerstens is daar die finansiële-aansporingskema wat daarop gemik is om nywerheidsontwikkeling in die algemeen te bevorder, en tweedens die finansiële-aansporingskema wat spesifiek daarop gemik om nywerheidsontwikkeling deur swart nyweraars te stimuleer. Vanweë die ongelikhede wat deur agtereenvolgende apartheidsregerings geskep is, word voorrang aan laasgenoemde aansporingskema verleen. Op 24 Maart 2016 het Cyril Ramaphosa gesê dat Suid-Afrika te lank deur wit mense bestuur is en aangekondig dat die regering oor die volgende aantal jare R24 miljard aan nywerheidsontwikkeling in 'n breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingsprogram (BGSEB) sal bestee (Tandwa 2016).

Dit moet beklemtoon word dat die inwerkingstelling van die regering se industrialiseringsbeleid tot dusver gekniehalter is deur 'n gebrek aan koördinerende met die sakesektor. Met die aanvaarding van die MTSF in 2014 is samewerking met die sakesektor egter as 'n prioriteitsdoelwit gestel. Die belangrikheid van samewerking tussen die staat en die sakesektor word sterk beklemtoon deur die Centre for Development and Enterprise (CDE)

se verslag oor ekonomiese groei, getiteld “Growth Agenda”. In die verslag word dit duidelik gestel dat ekonomiese groei in Suid-Afrika nie alleen stedelik-gesentreerd en privaatsektorgedrewe moet wees nie, maar ook deur ’n markvriendelike staat ondersteun moet word met massa-indiensneming as teiken (Bernstein 2016).

#### ***5.4 ’n Vervaardigingsgeoriënteerde sakesektor***

Dit is belangrik om aan te toon dat die ekonomie van ’n staat uit drie verskillende sektore bestaan. Eerstens is daar die primêre sektor wat die benutting van basiese bronne behels soos landbou, visserye en mynbou. Die sekondêre sektor verwys na die vervaardigingsektor, wat produkte lewer soos motorvoertuie, voedsel, klerasie, ensovoorts. Die derde sektor, ook genoem die tersiêre of dienstesektor, verwys na die lewering van dienste aan die verbruikerspubliek soos gesondheidsdienste, toerisme, die bankwese, inligtingstechnologiese dienste, ontspanningsdienste, ensovoorts.

Die belangrikheid van ’n vervaardigingsgeoriënteerde sakesektor in ’n staat se ekonomie is daarin geleë dat die betrokke sektor oor die grootste potensiaal beskik om indiensneming, ekonomiese groei en buitelandse verdienste te bewerkstellig. Terwyl die tersiêre of dienstesektor welvaart verbruik, word welvaart deur die vervaardigingsektor (of die sekondêre sektor) geskep. Ofskoon die tersiêre sektor in die meeste moderne ontwikkelde state dominant is as ’n persentasie van die ekonomie en indiensneming, is die meeste van hierdie ekonomieë gekonstrueer op ’n sterk vervaardigingsgeoriënteerde sakesektor. In die moderne internasionale stelsel is die VSA (20,2%), die VRC (18,9%) en Japan (11,1%) die leiers op die gebied van vervaardiging. Dit is interessant dat deur die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie, die VRC sy vervaardigingsuitset as persentasie van die wêreldvervaardigingsuitset verhoog het van ’n skamele 3% in 1990 tot 18,9% in 2010 (SEDA 2012).

Wanneer ondersoek ingestel word na die Suid-Afrikaanse vervaardigingsektor ten einde die bydrae daarvan in die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie te bepaal, word ’n verdere teenstrydigheid waargeneem. Aan die een kant beskik Suid-Afrika oor ’n vervaardigingsektor wat nie alleen as ontwikkelend en stewig gevestig beskou word nie, maar ook as gediversifiseer en vernuwend. Verder het hierdie sektor, bestaande uit bedrywe soos die landbouverwerkingsbedryf, die motorvervaardigingsbedryf, die chemiese bedryf, die rekenaar- en elektroniese bedryf, die metaalbedryf en die tekstiel-, klerasie- en skoelbedryf, plaaslik en in die buiteland bekendheid verwerf vir die vermoë om suksesvol in die globale ekonomie mee te ding en ook die groei en ontwikkeling van ander plaaslike aktiwiteite soos dienste, werkskepping en ekonomiese bemagtiging aan te spoor (SouthAfrica.info 2016).

Wat egter tot nadeel van die vervaardigingsektor in Suid-Afrika strek, en waarom dit nie ’n wesenlike bydrae tot die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie kan lewer nie, is die feit dat die dit nie alleen betreklik klein is nie, maar besig is om te krimp. As ’n persentasie van die totale internasionale vervaardigingsuitset het Suid-Afrika se vervaardigingsuitset gedaal van 0,6% in 1990 tot 0,5% in 2010 (SEDA 2012). Volgens die NOK het die vervaardigingsektor se bydrae tot Suid-Afrika se BBP gedaal van 20,9% in 1994 tot 12% in 2013 (Mavuso 2014).



Die uitvoerende direkteur van die CDE, Anne Bernstein (2016), voer tereg aan in die verslag waarna hier bo verwys is, dat die Suid-Afrikaanse werkloosheidsyfer van 7,5 miljoen uitsluitlik gewyt kan word aan die feit dat daar in die verlede nie genoegsame aandag aan die “fabrieksfase” in ekonomiese groei verleen is nie. Sy stel dit dat dit steeds die geval is en benadruk die feit dat geen staat tot dusver daarin kon slaag om sonder die fabrieksfase van desperate armoede tot ’n ontwikkelde staat te vorder nie.

### ***5.5 ’n Doeltreffende koördinerings- en moniteringsentrum***

Gegewe die feit dat die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie alleen kan geskied indien die regering, die privaatsektor en ander rolspelers nou saamwerk, is sowel die koördinerings van beleid as die belyning van die programme en planne om daardie beleid ten uitvoer te bring, van die allergrootste belang.

In Suid-Afrika word deels aan hierdie vereiste voldoen deurdat die regering die nodige raamwerk geskep het om nie alleen sy eie programme en planne te koördineer en te monitor nie, maar ook met die ander rolspelers in die samelewing saam te werk.

Gedurende 2014 het die minister vir beplanning, monitering en evaluering in die presidensie, Jeff Radebe, die regering se omvattende raamwerk vir die inwerkingstelling van die NOP 2030 bekendgestel. Hiervolgens sal die NOP 2030 by wyse van drie vyfjaarplanne ten uitvoer gebring word. Die planne sal deur die MPME (Ministerie vir Beplanning, Monitering en Evaluering) gemoniteer word. Gedurende die eerste vyfjaarplan, wat vanaf 2014 tot 2019 strek, is die prioriteringsraamwerk in die MTSF uiteengesit. Die MTSF omsluit die 14 prioriteitsdoelwitte soos in die NOP 2030 vervat asook die aksieplanne ter verwesenliking daarvan. Teikens wat deur die regering gestel is in ander ontwikkelingsplanne soos die New Growth Path, die Nasionale Infrastruktuurplan, die IPAP en die Negepuntplan sal met die MTSF geïntegreer word (South African Government News Agency 2015; SouthAfrica.info 2014).

Dit is ook belangrik om te meld dat die MTSF vir die eerste keer die ander maatskaplike hoofrolspelers in die samelewing as vennote by die ontwikkelingsdoelwitte en planne vir Suid-Afrika betrek. In die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie word hierdie verwickeling as positief beskou aangesien sodanige strategie ’n nasionale poging verg. Dit word duidelik gestel dat hoëvlak-samesprekings op ’n gereelde grondslag met die sakesektor, die arbeidsmag en die burgerlike samelewing gevoer sal word. Tydens hierdie samesprekings sal die bydrae wat elke sektor tot die inwerkingstelling van die huidige vyfjaarplan kan lewer, in belanghebbereëenkomste uiteengesit word en sal struikelblokke uit die weg geruim word. Dit word ook gemeld dat die onderskeie rolspelers mekaar onderling verantwoordbaar sal hou (South African Government News Agency 2015).

Alhoewel die verwagting bestaan dat die MTSF die begin is van ’n nuwe fase in die inwerkingstelling van ’n ontwikkelingstaatstrategie in Suid-Afrika, word hierdie optimisme nie deur alle waarnemers gedeel nie. Hier bo is reeds genoem dat Suid-Afrika nie oor ’n ontwikkelingsgeoriënteerde en prestasiegedrewe politieke leierskap beskik nie. In sy redaksionele kommentaar op die bekendstelling van die CDE se nuwe ekonomiese-ontwikkelingsplan bekend as die “Agenda for Growth” en waarna ook al verwys is, wys die redakteur van BusinessDayLIVE (2016) tereg daarop dat Suid-Afrika nie ’n tekort aan planne het nie, maar wel ’n ernstige tekort aan die inwerkingstelling van die talle bestaande planne.

Die kommentator J. Brooks Spector is selfs meer uitgesproke en het reeds in 2013 onomwonde verklaar dat daar om verskeie redes geen kans bestaan dat Suid-Afrika die NOP 2030 suksesvol in werking sal kan stel nie (Spector 2013).

### ***5.6 Vorige ervaring met staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme***

In eietydse Suid-Afrika beskik die regering oor deeglike ervaring met staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme. Streng gesproke is staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme geen nuwe verskynsel in Suid-Afrika nie, maar kan hulle teruggevoer word na die beginjare van die Unie van Suid-Afrika. Die besluit deur die ANC-regering om homself te verbind tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in Suid-Afrika spruit dus nie alleen voort uit die ekonomiese-ontwikkelingsprogramme waarmee na 1994 vorendag gekom is nie, maar ook uit die feit dat regerings gedurende die apartheidsera op omvangryke wyse betrokke was by staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme.

Ter illustrasie wys Byrnes (1996) daarop dat nieteenstaande verklarings deur Suid-Afrikaanse regeringslui gedurende die apartheidsera dat die nasionale ekonomie op 'n kapitalistiese grondslag geskoei was, die staatsbeheerde gedeelte van die nywerheidssektor groter was as dié van enige staat buite die destydse kommunistiese blok. Bykans 40% van alle welvaartskeppende bates was onder staatsbeheer, insluitende die yster-en-staalnywerheid, die wapennywerheid en energieproduksie. Verder was staatsbeheerde korporasies en semistaatsondernemings ook diep betrokke in die dienstesektor, terwyl 'n groot getal landboubeheerrade verbruikerspryse beïnvloed het.

Op sy beurt beklemtoon Gumede (2009:9) die feit dat talle openbare beleggings- en ontwikkelingsagentskappe wat deur regerings gedurende die apartheidsera tot stand gebring is, met die oorgang na 'n inklusiewe demokrasie in 1994 behoue gebly het. In hierdie verband verwys hy in die besonder na instellings soos die NOK, die Landbank, die Openbare Beleggingskorporasie en die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsbank. Volgens hom kan hierdie instellings ook in die toekoms 'n belangrike bydrae tot die implementering van 'n ontwikkelingstaatstrategie lewer.

Dit is belangrik om daarop te wys dat, soos in die bespreking van die ANC se verbintenis tot die implementering van 'n ontwikkelingstaatstrategie aangetoon is, die regering na 1994 self ook ruim ervaring opgedoen het met staatsgeleide ontwikkelingsprogramme soos die RDP, GEAR, ASGISA-SA en die NIPF.

### ***5.7 'n Doeltreffende en professionele staatsburokrasie***

Navorsers oor die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie beklemtoon die feit dat in alle gevalle die regering nie alleen 'n prominente rol in makro-ekonomiese beplanning gespeel het nie, maar ook kon staatmaak op die teenwoordigheid van 'n effektiewe, sterk, betroubare, voorspelbare, verantwoordbare, vernuwende, meritokratiese en kundige staatsburokrasie. Die belangrikheid van die staatsburokrasie in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie is daarin geleë dat dit by uitstek belas is om die nasionale bronne te mobiliseer wat nodig is om die staat se doelstelling van snelle ekonomiese groei en

ontwikkeling in die praktyk te vergestalt. In hierdie opsig is nie alleen samewerking met die sakesektor van deurslaggewende belang nie, maar ook deeglike kennis en begrip van die kapitalistiese ekonomiese stelsel.

Wanneer ondersoek ingestel word na die moontlike rol wat die Suid-Afrikaanse staatsburokrasie in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie kan speel, tree steeds 'n verdere teenstrydigheid na vore. Met die eerste oogopslag blyk die staatsburokrasie volledig toegerus te wees om 'n uiters positiewe en deurslaggewende rol te speel. Ten eerste beskik Suid-Afrika oor 'n buitengewoon groot en groeiende staatsdiens. Volgens Bhorat, Naidoo en Pillay (2016), navorsers verbonde aan die UK, het die totale getal staatswerkers die afgelope aantal jaar van 2,16 miljoen in 2008 tot 2,69 miljoen aan die einde van 2014 toegeneem. Die hoofekonoom van die Efficient Group, Dawie Roodt, bereken die getal werkers in diens van die staat tans op 2,95 miljoen persone (Roodt 2016). Bloot beoordeel op grond van grootte behoort die Suid-Afrikaanse staatsburokrasie dus 'n beduidende bydrae te kan lewer tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie.

Die tweede aspek wat daarop dui dat die Suid-Afrikaanse staatsburokrasie oënskynlik 'n positiewe rol in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie kan speel, is die bereidwilligheid van die regering om 'n beduidende gedeelte van sy inkomste aan die instandhouding en uitbreiding daarvan te bestee. Volgens Roodt (2016) spandeer die regering jaarliks R517 miljard (ongeveer 39% van totale uitgawes) aan die salarisse van die 2,95 miljoen persone in sy diens. Verder wys hy daarop dat vergeleke met die privaatsektor, ingeslote die informele sektor, die gemiddelde staatsamptenaar se salaris 77% hoër is.

Alhoewel hierdie faktore op 'n positiewe rol deur die staatsburokrasie in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie dui, sien die werklikheid totaal anders daar uit. Die navorser Elnari Potgieter, verbonde aan die US, ondersteun deur Karel von Holdt, lid van die NBK (kyk Von Holdt 2010:243), is die mening toegedaan dat die inwerkingstelling van sodanige strategie in Suid-Afrika ernstig gekortwiek word deurdat nie alleen die staatsburokrasie nie, maar die postapartheid staat in sy geheel in toenemende mate gekenmerk word deur institusionele mislukking en disfunksionaliteit (Potgieter 2012). Volgens hierdie navorsers het die staat tot dusver nog nie ten volle die intellektuele, filosofiese en kulturele denkskuiwe gemaak wat nodig is om 'n ontwikkelingstaatstrategie in werking te stel nie. Daarteenoor word 'n rasgebaseerde benadering tot die politiek ("racialized politics") en die behoud van politieke mag deur die regerende party verabsoluteer en in alle strukture obsessief toegepas.

Met spesifieke verwysing na die rol van die staatsburokrasie by die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie verwys Potgieter (2012) en Von Holdt (2010a:243) in besonder na die volgende tekortkominge en gebreke: 'n onduidelike ("muddled") begrip van die uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar; gebrekkige dienslewering; botsings tussen amptenare; die afwesigheid van 'n gemeenskaplike etos van of verbintenis tot uitnemendheid; 'n gebrek aan gelykvormige opleiding; die mobiliteit van amptenare en die beperkte institusionele geheue wat dit tot gevolg het; die snelle wisseling van elites in die amptenary; die oormatige beklemtoning van loopbaanvordering; swak dissipline; en klasvorming onder die vaandel van regstellende aksie.

Tot hierdie lys kan gevoeg word die wydverspreide en intensiewe gebruik van konsultante; kaderontplooiing; die voorkoms van korrupsie in elke verskyningsvorm daarvan; die

vestiging van 'n persoonlike heersersnetwerk (patronaatskapstelsel) deur die President; en die toenemende aanwending deur die uitvoerende gesag van die staat se polisie-, intelligensie- en vervolgingsdiens ter bereiking van korttermyn politieke oogmerke.

Deur slegs die stukragte (“drivers”) van korrupsie in die Suid-Afrikaanse openbare sektor te ontleed, het die bestuurskonsultant Pascal Moloï tot die gevolgtrekking gekom dat die intensiteit daarvan van sodanige aard is dat die betrokke sektor die gevaar loop om binne die afsienbare toekoms in disfunksionaliteit te verval (Moloï 2012). Volgens hoofregter Mogoeng Mogoeng word die stabiliteit van die samelewing in sy geheel deur wydverspreide korrupsie bedreig (News24 2016). Dat korrupsie inderdaad een van die grootse bedreigings is wat die samelewing in die gesig staar, blyk uit die bevinding van die Instituut vir Interne Ouditeurs dat Suid-Afrika oor die afgelope 20 jaar R700 miljard biljoen as gevolg van korrupsie verloor het (Times Live 2015).

Die stand van die Suid-Afrikaanse burokrasie en die rol wat dit in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie kan speel, word waarskynlik ten beste gedemonstreer deur gegewens wat deur die ouditeur-generaal, Kimi Makwetu, in sy jaarlikse ouditeursverslae aan die parlement bekend gemaak word. Uit die jongste verslag (2014–2015) oor die audit wat gedoen is van 167 provinsiale en nasionale departemente en 301 openbare entiteite is bevind dat R25,7 miljard onreëlmatig bestee en R935 miljoen verkwis is (Areff 2015).

'n Faktor wat volgens Von Holdt (2010b) die staatsburokrasie se bydrae tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie ernstig ondermyn, is die oordrewe pogings om van die nalatenskap van apartheid en wit oorheersing ontslae te raak. Volgens Von Holdt (2010b) veroorsaak hierdie “nasionalistiese projek” soveel spanning tussen die begeerte om 'n moderne staat te vestig en terselfdertyd swart soewereiniteit en swart verteenwoordigendheid te bewerkstellig deur wit oorheersing af te takel, dat daar bykans geen moontlikheid bestaan dat 'n ontwikkelingstaatstrategie in werking gestel kan word nie. Die oplossing is om nasionalisme sodanig te herdefinieer dat dit die bevrediging van die samelewing se behoeftes as die sentrale strategie vir die uitwissing van die nalatenskap van apartheid beteken.

Dit is nodig om te beklemtoon dat alhoewel daar binne die Suid-Afrikaanse staatsburokrasie talle eilande van uitnemendheid en voortreflikheid op alle regeringsvlakke voorkom, die instelling in sy geheel nog nie die vlak van doeltreffendheid en professionalisme bereik het wat deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis word nie. Tekenend is die navorsingsbevinding deur Antony Albeker en Evelien Storme, albei verbonde aan die CDE. Hierdie navorsers wys daarop dat die persentasie gegradueerdes in die staatsburokrasie gedaal het van 50% in 1995 na 35% in 2011 (Albeker en Storme 2013). Volgens Potgieter (2012) sal Suid-Afrika, bloot beoordeel op grond van die bydrae wat die staatsburokrasie tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie lewer, tevrede moet wees om vir die afsienbare toekoms as 'n staat voort te bestaan wat bloot daarna streef om sodanige strategie in werking te stel.

### **5.8 'n Arbeidsmag wat die enkelvoudige doelstelling van ekonomiese groei ondersteun**

Alvorens ondersoek ingestel word na die mate waartoe die arbeidsmag in eietydse Suid-Afrika die enkelvoudige doelstelling van ekonomiese groei ondersteun, is dit belangrik om na enkele belangrike aanwysers betreffende die arbeidsmag te verwys. Die belangrikste aanwysers soos verstrekk deur die Departement van Statistiek se *Quarterly Labour Force*

Survey van September 2015, word in tabel 1 hier onder aangedui (RSA 2015:iv). Die mees opvallende eienskap wat uit dié tabel blyk, is dat meer as 20 miljoen werkers geen vaste inkomste verdien nie (BusinessDayLIVE 2015). In tabel 2 word die aanwysers van die arbeidsmag per bevolkingsgroep aangedui (RSA 2015:5).

**Tabel 1. Aanwysers rakende die arbeidsmag in Suid-Afrika**

Aanwyser	September 2015 (000)
<i>Bevolking ouderdomsgroep 15–64 jaar</i>	36 114
Arbeidsmag	21 246
In diens	15 828
Werkloos	5 418
Ekonomies onaktief	14 867
Werkloosheidskoers	25,5%

Bron: *Quarterly Labour Force Survey*, September 2015

**Tabel 2. Aanwysers rakende die arbeidsmag in Suid-Afrika per bevolkingsgroep**

Aanwyser	September 2015 (000)
<i>Swart bevolkingsgroep 15–64 jaar</i>	28 726
Arbeidsmag	16 442
In diens	11 704
Werkloos	4 738
Ekonomies onaktief	12 285
Werkloosheidskoers	28,8%
<i>Bruin bevolkingsgroep 15–64 jaar</i>	3 336
Arbeidsmag	2 122
In diens	1 638
Werkloos	484

Ekonomies onaktief	1 214
Werkloosheidskoers	22,8%
<i>Asiatiese bevolkingsgroep 15–64 jaar</i>	977
Arbeidsmag	576
In diens	504
Werkloos	72
Ekonomies onaktief	401
Werkloosheidskoers	12,5%
<i>Wit bevolkingsgroep 15–64 jaar</i>	3 074
Arbeidsmag	2 107
In diens	1 983
Werkloos	124
Ekonomies onaktief	968
Werkloosheidskoers	5,9%

Bron: *Quarterly Labour Force Survey*, September 2015

In die afwesigheid van presiese data oor die ingesteldheid van die arbeidsmag oor enige gegewe kwessie, is dit uitermate problematies om te bepaal of die huidige mag wel die enkelvoudige doelstelling van ekonomiese groei ondersteun soos deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis. Ten beste kan hoogstens 'n tendensbepaling gedoen word van die indiensgestelde arbeidsmag se ingesteldheid jeens hierdie belangrike kwessie.

Die eerste tendensbepaling is gebaseer op die afnemende vakbonddigtheid of vakbondlidmaatskap in die arbeidsmag. Die afname word treffend geïllustreer deur die volgende statistiek: Volgens die Adcorp Employment Index (2013), het minder as een uit vier werkers in 2013 oor vakbondlidmaatskap beskik; het minder as die helfte van alle nuwe toetreders tot die arbeidsmark (43%) by 'n vakbond aangesluit; en het slegs 11% van die werkers in die vyf sektore wat verantwoordelik was vir twee derdes van indiensneming (handel, finansies, vervaardiging, konstruksie en privaat huishoudings) aan vakbonde behoort. Dit was slegs die openbare sektor (78,1%) en die mynsektor (75,2%) wat oor hoë vlakke van vakbonddigtheid beskik het.

Die tweede tendensbepaling wat daarop dui dat die arbeidsmag oorwegend positief ingestel is jeens ekonomiese groei soos deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis, geskied aan die hand van die werkers se ingesteldheid teenoor en hantering van kollektiewe loonbedinging en die

onbeduidende rol wat vakbonde daarin speel. Volgens die *Quarterly Labour Force Survey* vir die derde kwartaal van 2015 het werkgewers op eensydige wyse loonverhogings vir 52,8% van die totale arbeidsmag bepaal; het werkgewers en vakbonde gesamentlik loonverhogings vir slegs 23,1% beding; het 9,3% van alle werkers met hulle werkgewers op 'n individuele grondslag om hoër lone onderhandel; en het 8,9% van die werkers van die formele statutêre stelsel van bedingingsrade gebruik gemaak om oor hoër lone te onderhandel (RSA 2015:xi).

Alhoewel dit dus wil voorkom asof die grootste gedeelte van die arbeidsmag in Suid-Afrika die doelstelling van ekonomiese groei ondersteun, word hulle bydrae tot werklike ekonomiese groei egter ondermyn deur 'n swak werksetiek wat uitdrukking in stakings, onproduktiwiteit, onmededingendheid en afwesigheid vind. Volgens Adcorp (2013c) was arbeidsproduktiwiteit in Suid-Afrika in 2013 op die laagste vlak in 50 jaar. Die grootste daling het sedert 1994 ingetree. In soortgelyke trant wys Edmund Ferreira, professor in die Departement Sakebestuur aan Unisa, daarop dat Suid-Afrika in 2014 steeds minder doeltreffend was as die meeste van sy opkomende-mark-mededingers; dat sy arbeidsmag onmededingend was; en dat sy arbeidsproduktiwiteit veel laer as die res van die ontwikkelende wêreld was (Ferreira 2014).

Die Switserse Instituut vir Bestuursontwikkeling (IMD) het in sy 2015-ranglys van wêreldmededingendheid daarop gewys dat Suid-Afrika die 53ste plek uit 61 state wat vergelyk is, beklee (Netwerk24 2015). Tot oormaat van ramp het Suid-Afrika ook van die hoogste stakingsvlakke ter wêreld.

Waarskynlik die treffendste aanduiding van die onmededingendheid van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag is die afwesigheid as gevolg van siekteverlof. Sedert 2001 het afwesigheid as gevolg van siekteverlof met 500% toegeneem, alhoewel indiensneming gedurende hierdie tydperk konstant gebly het (Pickworth 2013). Adcorp bereken die koste hiervan vir die ekonomie tussen 2001 en 2013 op R55 miljard (Benjamin 2013).

### ***5.9 'n Opvoedkundige stelsel wat die kundigheid en vaardighede vir ekonomiese groei kan lewer***

Die opvoedkundige stelsel in Suid-Afrika wat die kundigheid en vaardighede moet verskaf wat benodig word om ekonomiese groei soos deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis te bewerkstellig, bestaan uit drie vlakke. Die eerste vlak, genaamd Algemene Onderwys en Opleiding (graad 0 tot 9), geskied in drie fases, naamlik die grondslagfase vir grade 1 tot 3, die intermediêre fase vir grade 4 tot 6 en die senior fase vir graad 7 tot 9. Die tweede vlak, Verdere Onderwys en Opleiding (graad 10 tot 12), omsluit ook loopbaangeoriënteerde onderwys en opleiding wat deur tegniese kolleges, gemeenskapskolleges en private kolleges aangebied word. Laasgemelde tipe onderwys en opleiding, asook volwasse basiese onderwys en opleiding (ABET), word egter deur Tegniese Beroepsopvoedings- en Opleidingskolleges (TVET Colleges) aangebied wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geadministreer word. Die derde opvoedingsvlak is Hoër Onderwys en Opleiding, ook bekend as tersiêre opvoeding (SouthAfrica.info 2015b).

Dit is belangrik om te meld dat Suid-Afrika een van die state in die internasionale stelsel is wat die hoogste vlak van onderwysbesteding het. Jaarliks word 7% van die BNP of 20% van die nasionale begroting aan onderwys bestee. Gedurende 2015/16 het die regering R203

miljard aan slegs basiese onderwys en opleiding bestee en beoog om hierdie bedrag oor die volgende drie jaar tot R640 miljard te verhoog (SouthAfrica.info (2015)).

Wanneer 'n ontleding gemaak word van die effektiwiteit van die opvoedkundige stelsel in Suid-Afrika en in die besonder die vermoë daarvan om die kundigheid en vaardighede te lewer wat nodig is vir ekonomiese groei in die algemeen en die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie in die besonder, is dit duidelik dat die stelsel ver te kort skiet. Eerstens beskik Suid-Afrika, nie teenstaande die hoë besteding aan opvoeding, nie oor 'n goedgeskoolde en -opgeleide arbeidsmag nie. Tweedens stel die ekonoom Ulrich Joubert dit onomwonde dat 'n gebrek aan sodanige arbeidsmag 'n plafon op ekonomiese groei plaas (Joubert 2016).

Die benarde toestand waarin Suid-Afrika hom bevind in die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie, blyk uit die opvoedkundige kwalifikasies van die indiensgestelde arbeidsmag soos verstrekk deur die Departement van Statistiek se *Quarterly Labour Force Survey*, September 2015. Dit word in tabel 3 hier onder aangedui (RSA 2015:vi).

**Tabel 3. Opvoedkundige kwalifikasies van die indiensgestelde arbeidsmag in Suid-Afrika per bevolkingsgroep, September 2015 (%)**

	Minder as matriek	Matriek	Gegradueerd	Ander hoërondewys-kwalifikasies
Swart	54,2	28,6	5,5	10,4
Bruin	52,8	31,8	5,2	9,4
Asiër	16,1	49,4	19,0	14,8
Wit	9,0	41,5	27,7	20,9

Bron: *Quarterly Labour Force Survey*, September 2015

Volgens Adcorp (2016) is daar tans in die Suid-Afrikaanse ekonomie 829 800 vakante poste vir geskoolde werkers in 'n wye verskeidenheid beroepe. Die grootste vaardigheidstekort word ondervind in die seniorbestuursberoep, professionele beroepe (medici, ingenieurs, rekenmeesters, ouditeurs en regsgeleerdes), tegniese beroepe (gespesialiseerde tegnisi en ambagslui) en landbousektorberoepe. In terme van die werklike getalle wat aan hierdie vaardigheidstekort in die onderskeie beroepe gekoppel kan word, blyk dit dat daar 'n tekort is aan 432 100 tegnisi en ambagslui, 216 200 bestuurders en 178 400 professionele persone. In skerp teenstelling met die vaardigheidstekorte in geskoolde beroepe is daar egter 'n ooraanbod van 967 000 gewone werkers ("elementary workers") en 247 400 huishoudelike werkers.

Die vaardigheidstekort in die Suid-Afrikaanse ekonomie blyk ook uit die feit dat die informele sektor tans werk verskaf aan 6,2 miljoen persone. Dit is 1,5 miljoen, oftewel 31%, meer as in 1995 (Adcorp 2016). Volgens die Wêreld Ekonomiese Forum beklee Suid-Afrika



in terme van sy opvoedkundige stelsel die 133ste plek uit 142 state. Die Globale Talentindeksverslag vir 2015, wat die beskikbaarheid van kundigheid in die arbeidsmark in state meet en deur ekonomiese verbonde aan *The Economist* se Intelligensie-eenheid opgestel is, het Suid-Afrika in die ranglys vir 2015 in die 45ste plek uit 60 state geplaas (GTI 2015).

In 'n verslag getiteld "The Social Profile of the Youth, 2009–2014" wat gedurende April 2016 deur die statistikus-generaal van Suid-Afrika, Pali Lehohla, bekendgestel is, wys hy daarop dat die persentasie swart professionele persone, bestuurslui en tegnisi in die ouderdomsgroep 25 tot 35 jaar oor die afgelope 20 jaar met 2% afgeneem het. Die syfer dui daarop dat hierdie nuwe generasie nie alleen met minder vaardighede toegerus is as hulle ouers of enige ander rasse- en ouderdomsgroep nie, maar ook op 'n toestand van ernstige agteruitgang. Selfs meer verontrustend is die feit dat 66% van hierdie swart jeugdige werkloos is en die grootste komponent van die huidige werkloosheidsyfer vorm. Begryplikerwys verwys die statistikus-generaal na hierdie toedrag van sake as "a cocktail of disaster" (Merten 2016b).

Die ontoereikende onvermoë van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel in die besonder om die kundigheid en vaardighede te lewer wat nodig is vir ekonomiese groei soos deur 'n ontwikkelingsstaat vereis, word treffend geïllustreer deur 'n navorsingsbevinding oor uitvalsyfers onder leerders wat in 2015 deur die SAIRV onderneem is. Dié instelling het bevind dat uit 10 leerders wat in enige gegewe jaar vir graad 1 geregistreer het, slegs vyf matriek sal bereik, drie matriek sal slaag en slegs een matriek sal slaag met 'n slaagsyfer van meer as 50% in wiskunde (Jadoo 2015).

In 'n verdere poging om die ernstige gebrek aan vaardighede in Suid-Afrika die hoof te bied het die regering in 1998 die Wet op die Ontwikkeling van Vaardighede aanvaar wat vir die totstandbrenging van Sektorale Opvoedings- en Opleidingsowerhede (SETA's) voorsiening gemaak het. Die bedoeling met hierdie instellings was om 'n verskeidenheid sektorale vaardighedsplanne binne die raamwerk van die Nasionale Vaardighedsontwikkelingsstrategie te ontwikkel. Gedurende Maart 2000 is 23 SETA's in die lewe geroep – elk vir 'n duidelik afgebakende ekonomiese sektor of subsektor. So byvoorbeeld sou een SETA verantwoordelik wees vir die bankwese, terwyl 'n ander verantwoordelik vir gesondheid en welsyn sou wees. Elke SETA sou verder verantwoordelik wees vir vaardighedsopleiding in beide die privaat en openbare sektore en deur 'n stelsel van heffings gefinansier word. Gedurende 2010 is die SETA-stelsel ingevolge die nuwe Nasionale Vaardighedsontwikkelingsstrategie herontwerp om nuwe SETA's te skep en "niefunksionerende" instellings te skrap. In die proses is 15 bestaande instellings hersertifiseer, ses nuwes gevorm en die totale getal van 23 na 21 verminder (Seta South Africa s.j.).

Wat hoër onderwys betref, is navorsers minder krities ingestel as oor basiese onderwys. Sonder uitsondering wys almal daarop dat Suid-Afrika inderdaad oor 'n lewenskragtige hoërondwyssektor beskik. Dit bestaan uit 23 staatsondersteunde instellings: 11 universiteite, ses universiteite van tegnologie en ses omvattende hoërondwysinstellings (die samevoeging van klein universiteite en teknikons). Verder word twee nuwe instellings vir hoër onderwys in onderskeidelik die Noord-Kaap en Mpumalanga gevestig. Talle Suid-Afrikaanse universiteite is toonaangewende instellings wat wêreldwyd gerespekteer word vir die kwaliteit van onderrig, navorsing en diens aan die samelewing. Benewens die

staatsondersteunde inrigtings word hoër onderwys ook deur meer as 100 onafhanklike instellings aangebied (SouthAfrica.info 2015b).

Tekenend van die gehalte-onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite is die hoë vlak van indiensneming van gegradueerdes. Volgens Albeker en Storme (2013) was die werkloosheidsyfer onder gegradueerdes in 2011 slegs 5%. In die verslag deur die statistikus-generaal waarna hier bo verwys is, word hierdie syfer vir die tydperk 2009 tot 2014 egter op slegs 1% bereken (Merten 2016). Met hierdie navorsing is die populêre beskouing weerlê dat daar 'n groot aantal gegradueerde werkloos in Suid-Afrika is. Inteendeel, beide instellings het bevind dat enige naskoolse kwalifikasie die moontlikheid van indiensneming verhoog.

Alhoewel die hoëronderwysstelsel in Suid-Afrika vermelding verdien vir die voortreflike aard daarvan, is dit belangrik om te meld dat hierdie stelsel wel met ernstige vraagstukke te kampe het. Eerstens is daar die verstoppings in die hoëronderwyspyplyn wat veroorsaak word deur die lae persentasie studente in die skoolstelsel wat universiteitstoelating ontvang (slegs 28,3% in 2015), asook die swak prestasie in wiskunde en wetenskap (SouthAfrica.info 2015b). Verder moet beklemtoon word dat alhoewel slegs 'n klein persentasie van skoolverlaters universiteitstoelating ontvang, die driuipsyfer onder eerstejaarstudente uitermate hoog is. Volgens navorsing deur André van Zyl, direkteur van die Akademiese Ontwikkelingsentrum aan die UJ, het meer as die helfte van hierdie groep studente in 2013 gedruip of hul studie gestaak (Nkosi 2015).

Tweedens kan verwys word na die beperkte aantal kundiges in die bestuurs- en professionele beroepe wat jaarliks deur die universitêre instellings tot die arbeidsmag toegevoeg word. In 2010 het die stelsel slegs 153 7411 kwalifikasies op alle vlakke toegeken. Hiervan was 74 612 kwalifikasies in die geestes- en sosiale wetenskappe, 41 724 in die handels- en bestuurswetenskappe, en 37 405 in wetenskaps- en tegnologiese rigtings (SouthAfrica.info 2015b). Albeker en Storme (2013) toon aan dat die getal gegradueerdes in die arbeidsmag van 463 000 in 1995 tot slegs 1,1 miljoen in 2011 toegeneem het. Volgens hierdie navorsers is dit onwaarskynlik dat die staat in die toekoms 'n groter bydrae sal kan lewer om die getal gegradueerdes in die arbeidsmark te vergroot. Die enigste oplossing is dus die oprigting van meer onafhanklike universiteite. Ofskoon hierdie navorsers hulle nie uitlaat oor die aard van die universiteite wat benodig word nie, is dit uit die statistiek duidelik dat alle nuwe instellings daarop gerig moet wees om te voorsien in die behoeftes wat daar in die bestuurs- en professionele beroepe bestaan.

Derdens is daar die afname in die getalle van doktrale studente. Volgens University World News (UWN) (2010) slaag die hoëronderwysstelsel in Suid-Afrika nie daarin om genoegsame doktrale kwalifikasies te lewer wat nodig is om 'n kennis-ekonomie te vestig of selfs die bestaande korps van akademici te vervang nie. Hierdie instelling voer aan dat ongeveer 80% van alle doktrale studente hulle studie deelyds voltooi en dit hulle gevolglik langer neem om hulle kwalifikasies te verwerf as hul eweknieë elders.

Die vierde vraagstuk waarmee die hoëronderwysstelsel in Suid-Afrika te kampe het, is die politieke eise om die korps van akademici verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling te maak, terwyl genoeg potensiële kandidate nie plaaslik beskikbaar is nie.

Laastens word die hoëronderwysstelsel in Suid-Afrika gekniehalter deurdat 'n beduidende persentasie van die studentekorps dit as hulle inherente reg beskou om gratis onderrig te

ontvang en eise rakende die lewens- en woonomstandighede op kampusse te stel. In etlike gevalle word selfs ideologies-geïnspireerde eise rakende die “dekolonisering van die kurrikulum” gestel. Hierdie eise gaan meermale gepaard met geweld. Die maatreëls wat tot dusver getref is om finansiële bystand aan behoeftige studente te bied, soos die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFAS), beursskemas deur universiteite, studentelening gefinansier deur handelsbanke en eksterne beursskemas, het geblyk ontoereikend te wees om hierdie besondere probleem die hoof te bied.

### ***5.10 'n Hoë spaarkoers wat vir belegging aangewend kan word***

Aan hierdie krities-belangrike vereiste vir die suksesvolle inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie word nie voldoen nie. Suid-Afrikaners is van die swakste spaarders ter wêreld. Volgens die Suid-Afrikaanse Finansiële diensteraad is die spaarkoers in Suid-Afrika 14,5% van die BBP, terwyl die ooreenstemmende syfer vir die CVR meer as 50% is. Ander state waarvan die spaarkoers hoër as dié van Suid-Afrika is, is Indië met 30%, Brasilië met 25% en Australië met 22,5% (Erasmus 2015). Volgens statistiek wat deur die Suid-Afrikaanse regering verstrek is, leen Suid-Afrikaners in die algemeen meer as wat hulle spaar. Huishoudelike skuld as 'n persentasie van huishoudelike inkomste word op 80% bereken en sluit lenings, oortrokke rekenings, kredietkaartskuld, huislenings en rekeninge in (Erasmus 2015).

Die Suid-Afrikaanse Spaarinstituut voer aan dat 'n lae bestebare inkomste, 'n lae indiensnemingsyfer, 'n stygende belastinglas, 'n inflasionêre omgewing, en 'n gebrek aan vertroue in die toekoms as die vernaamste redes waarom Suid-Afrika oor 'n lae spaarkoers beskik, beskou kan word (Erasmus 2015).

Dit is belangrik om daarop te wys dat volgens die Reserwebank sowel die openbare as privaatsektor nie as spaarders nie, maar as “ontsparders” (“dis-savers”) beskou kan word. Beide leen meer geld as wat gespaar word (Erasmus 2016). Volgens die voormalige president Khalema Motlanthe leen die regering tans R11 miljard per dag (Munusamy 2016). Dit is slegs die korporatiewe sektor wat as 'n netto spaarder beskou kan word. Op 4,2% is die koers egter baie laag, en dit kan toegeskryf word aan faktore soos 'n gebrek aan winsgewende beleggingsmoontlikhede, die hoë koste van kapitaal, 'n onbuigsame arbeidsmark, hoë korporatiewe belasting en 'n korttermyn-gedreweheid (Erasmus 2015).

Die gebrek aan 'n hoë spaarkoers is in die verlede deels oorkom deur gebruik te maak van buitelandse kapitaalinvloei. Verskeie nasionale en internasionale faktore dra egter daartoe by dat hierdie prentjie besig is om vinnig en ingrypend te verander. Deur te verwys na data van die AT Kearny Direct Foreign Investment Confidence Index vir 2015 wys Van Rooyen (2015) daarop dat Suid-Afrika nie meer as een van die 25 leidende state op die betrokke indeks beskou word nie. Gedurende 2014 het Suid-Afrika nog die 13de plek op die indeks beklee en in 2012 die 11de. Die redes wat Van Rooyen uitsonder waarom Suid-Afrika “van die radar verdwyn het” met betrekking tot regstreekse buitelandse belegging is die arbeidsonrus en kragtekorte wat reeds tot 'n halvering van die ekonomiese groei koers geleidelik het.

### 5.11 'n Korporatistiese raamwerk

In die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie is die gekoördineerde, samewerkende en sistematiese bestuur van die nasionale ekonomie deur die staat, vakbonde en werkgewers in die privaatsektor, asook die burgerlike samelewing van deurslaggewende belang.

Deelname aan ekonomiese-beleid-formulering deur die belangrikste hoofrolspelers is wel deel van die Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese landskap. Reeds met die oorgang na 'n inklusiewe demokrasie in Suid-Afrika in 1994 is statutêre en institusionele beslag aan korporatisme verleen. Op 18 Februarie 1995 is die National Economic Development and Labour Council (Nedlac) by wyse van wetgewing wat eenparig deur alle partye in die parlement aanvaar is, in die lewe geroep.

Die staat word in Nedlac verteenwoordig deur die Departement van Arbeid, wat ook verantwoordelik is vir die finansiering van die instelling. Ander staatsdepartemente word betrek afhange van die beleidsaspek ter sake. Die georganiseerde sakelui word verteenwoordig deur Business Unity South Africa (Busa), wat 'n samevoeging is van die Black Business Council (BBC) en Business South Africa (BSA). (Die BBC het hom egter in 2012 van Busa onttrek.) Georganiseerde arbeid word verteenwoordig deur drie vakbondfederasies, naamlik Cosatu, die Federation of Unions of South Africa (Fedusa) en die National Council of Trade Unions (Nactu) (Nedlac 2013).

Korporatisme in hedendaagse Suid-Afrika vertoon 'n unieke eienskap deurdat verteenwoordigers uit die burgerlike samelewing as vierde rolspeler in die vennootskap erken word. Ses instellings uit die burgerlike sektor, wat jeuggroepe, vrouebewegings en gestremde persone verteenwoordig, het formele verteenwoordiging in Nedlac (2013). Die belangrikste liggaam binne Nedlac is die uitvoerende raad, bestaande uit verteenwoordigers van alle hoofrolspelers. Die instelling se werksaamhede word uitgevoer deur vier kamers, naamlik die Public Finance and Monetary Policy, Trade and Industry, Labour Market en Development. 'n Spitsberaad word jaarliks gehou waartydens die voorafgaande jaar se werksaamhede in oënskou geneem en riglyne vir die komende jaar neergelê word (Nedlac 2013).

Alhoewel daar met die demokratiese oorgang in Suid-Afrika in 1994 oorwoë pogings aangewend is om voorsiening te maak vir deelname aan ekonomiese-beleid-formulering en -besluitneming deur die maatskaplike hoofrolspelers was hierdie pogings nie baie suksesvol nie. Nedlac het nooit werklik goed gefunksioneer nie. Gedurende die afgelope aantal jare het daar 'n ernstige vertrouensbreuk ingetree. Pogings deur die politieke leierskap om vertroue te herstel was tot dusver onsuksesvol.

Die gebrekkige aard van die korporatistiese raamwerk in Suid-Afrika en die negatiewe uitwerking op die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie kan gedemonstreer word deur die betrokke raamwerk te meet aan die vereistes wat die politieke wetenskaplike Alan Siaroff, verbonde aan die Universiteit van Lethbridge in Kanada, neergelê het (Siaroff 1999:177–8). Hy het 24 moderne demokrasieë waar korporatisme toegepas word, bestudeer en bevind dat in elkeen die makrostelsel bepaalde strukturele kenmerke vertoon; die deelnemende rolspelers sekere funksionele rolle vervul; die deelnemende rolspelers sekere gedragpatrone openbaar; en bepaalde gunstige toestande binne die makro-omgewing bestaan.

Wanneer die Suid-Afrikaanse toepassing gemaak word, is dit opvallend dat aan weinig van hierdie korporatistiese vereistes voldoen word. Met betrekking tot die strukturele vereistes word wel aan enkele vereistes voldoen, soos 'n gesentraliseerde staat wat 'n aktiewe rol in die ekonomie speel; 'n sakegemeenskap wat deur enkele groot maatskappye en 'n werkgewersfederasie oorheers word; en 'n klein getal vakbondfederasies met verteenwoordiging in die kollektiewe beleidformuleringsliggaam. Die positiewe bydrae wat deur hierdie faktore ter vestiging van 'n ontwikkelingstaat gelewer word, word egter geneutraliseer deur inkonsekwensie in die regering se ekonomiese beleid, die feit dat georganiseerde arbeid as deelnemende rolspeler gestriem word deur 'n lae vlak van vakbonddigtheid, die feit dat die leidende vakbonde en vakbondfederasies hoogs verpolitiseer, ideologies-gedrewe en intern verdeeld is, en die feit dat die stelsel van loonbedinging grootliks gedesentraliseerd is en deur disfunksionaliteit gekenmerk word.

Betreffende die rolvereistes kan genoem word dat nie alle alliansievennote in die regering, asook prominente rolspelers in georganiseerde arbeid, bereid is om 'n sentrale en gesamentlike rol in beleidformulering te speel nie. Die weerstand is hoofsaaklik 'n funksie van óf interne verdeeldheid óf ideologiese verstarheid, of beide.

Gemeet aan die gedragsvereistes is dit opvallend dat daar van 'n sterk gedeelde ekonomiese en maatskaplike konsensus bykans geen sprake is nie; die vlak van erkenning en aanvaarding deur werkgewers en werknemers van mekaar as maatskaplike vennote die laagste in die wêreld is; daar geen gesamentlike verbintenis tot 'n langtermynvisie is nie; en die arbeidstakingsvlak van die hoogste in die wêreld is.

Met betrekking tot die begunstigende toestande wat in die makro-omgewing moet bestaan, is die prentjie ewe somber. Tekenend is die skerp onderskeid tussen die openbare en private sektore; die afwesigheid van 'n konsensuele en konsosiasionele politieke tradisie; die veranderde persepsies in die buiteland jeens Suid-Afrika en die implikasies wat dit vir regstreekse buitelandse belegging inhou; en gebrekkige maatreëls om suksesvolle ekonomiese prestasie te bewerkstellig, veral ten opsigte van die verhoging van produktiwiteit, bevordering van uitvoermededingendheid en bewerkstelling en handhawing van volle indiensneming. Die feit dat enkele begunstigende toestande wel bestaan, soos lae vlakke van verdedigingsbesteding; politieke oorheersing en oorheersing deur die ANC met 'n sosiaal-demokratiese oriëntasie; en 'n hoë vlak van maatskaplike besteding, kan weliswaar as positief beskou word, alhoewel die bydrae tot die sukses van die korporatistiese raamwerk nie deurslaggewend is nie.

In die geheel beskou is die korporatistiese raamwerk wat in Suid-Afrika bestaan, nie van sodanige aard dat dit as bevorderlik vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie beskou kan word nie.

### ***5.12 Samelewingsamehorigheid***

Die stand van solidariteit en samehorigheid in die Suid-Afrikaanse “reënboognasie” is nie van sodanige aard dat dit die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie bevorder nie. 22 jaar na die demokratiese oorgang is die Suid-Afrikaanse samelewing steeds diep verdeeld. In 'n poging om 'n maatskaplike-samehorigheidsbarometer vir Suid-Afrika te ontwikkel en met 'n maatskaplike opheffingsprogram vorendag te kom wat spesifiek daarop gerig sal wees om armoede te bekamp, het navorsers verbonde aan die Raad vir

Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in 2013 bevind dat die samelewing deur diep verdelings gekniehalter word. Ter illustrasie het hulle na die maatskaplike verdelings tussen welvarend en arm verwys en hoe hierdie verdeling steeds uitdrukking vind in wydverspreide dienslewingsprotesoptrede. Verder het hulle verwys na die xenofobiese aanvalle; die nalatenskap van die onopgeloste klasse- en rasseverdelings; die ernstige streeks- en etniese verskille; en die diepgaande kulturele verskille en vooroordele (Struwig e.a. 2013). Aspekte wat nie vermeld is nie, maar eweneens 'n bydrae lewer tot die diep verdelings wat tans in die samelewing bestaan, is die aanblaas van rassisme deur opportunistiese en populistiese politici vir korttermyn politieke gewin en die konflik wat deur botsende ideologieë en die teenoorstaande kragte van modernisme en tradisionalisme veroorsaak word.

Volgens bogenoemde navorsers het die gebrek aan samelewingsamehorigheid die potensiaal om nie alleen die politieke bestel wat tydens die demokratiese oorgangsproses in 1994 gevestig is te ondermyn nie, maar ook die betreklike ekonomiese en maatskaplike stabiliteit in die samelewing te vernietig (Struwig e.a. 2013).

## 6. Samevatting

In die NOP 2030 wat deur die NBK vir Suid-Afrika opgestel en in 2012 bekend gestel is, is die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie as die oplossing voorgehou ten einde die ongelykheid, armoede en werkloosheid waarmee Suid-Afrika regdeur die geskiedenis te kampe gehad het, uit te wis. Die ondervinding van state elders in die wêreld het inderdaad bewys gelever dat die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie diepgaande sosio-ekonomiese transformasie binne 'n betreklik kort tydperk in 'n samelewing kan bewerkstellig. Die ondervinding van hierdie state het egter ook getoon dat die suksesvolle inwerkingstelling van sodanige strategie kan geskied alleen indien aan bepaalde vereistes voldoen word.

Die doel van hierdie artikel was om by wyse van 'n literatuurstudie vas te stel tot welke mate eietydse Suid-Afrika aan die vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie voldoen. Uit die ontleding het dit geblyk dat terwyl aan vier vereistes voldoen word, dit met dubbel dié getal nie die geval is nie.

Samevattend kan genoem word dat aan die volgende vier vereistes voldoen word:

- Daar is duidelike tekens dat die politieke leierskap die inwerkingstelling van sodanige strategie as langtermynvisie nastreef en die politieke wil toon om hierdie visie tot vervulling te bring. Bewyslewering hiervan is die verbintenis tot die NOP 2030; die daarstelling van die MTSF ter uitvoering van die NOP 2030 in drie vyfjaarsiklusse; en die belyning van die nasionale begroting met die eerste MTSF. Die nastrewing van hierdie visie word egter ondermyn deurdat die leierskap van die ANC se bondgenote in die Drieparty-alliansie hulle vir die vestiging van 'n sosialistiese orde beywer.
- Daar bestaan 'n staatsgeleide industrialiseringsbeleid wat die sakesektor op aktiewe wyse ondersteun. In 2015 het die regering reeds die sewende IPAP goedgekeur wat vir verskeie aansporingsmaatreëls vir die sakesektor voorsiening maak.
- 'n Koördinerings- en moniteringsentrum is gevestig. Die MPCME het nie alleen aan die hand van die NOP 2030 die MTSF ontwikkel nie, maar is ook verantwoordelik

om die inwerkingstelling van die verskillende prioriteitsaksieplanne deur die hoofrolspelers te koördineer, te monitor en te evalueer.

- Die regering beskik oor vorige ervaring met staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme. Die ANC-regering kon nie alleen put uit die ervaring van apartheidsregerings in die vorige eeu met sodanige programme nie, maar ook uit die inwerkingstelling van verskeie selfgeïnisieerde programme na 1994.

Aan die volgende agt vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie word nie voldoen nie:

- Die politieke leierskap is nie ontwikkelingsgeoriënteerd en prestasiegedrewe nie. Gebaseer op die beleidsonsekerheid wat op 'n deurlopende grondslag geskep word deur ondeurdagte besluitneming, 'n geskiedenis van lae ekonomiese groei, manipulerende optrede ter selfverryking deur 'n invloedryke faksie, en die voortgesette subsidiëring van 'n groot getal oneffektiewe en disfunksionele staatsbeheerde ondernemings, bestaan daar ernstige gebreke betreffende sowel die vermoë as die gehalte van die leierskap.
- Die vervaardigingsgeoriënteerde sakesektor is, nieteenstaande die feit dat dit wel 'n basis vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaat bied, te klein om 'n betekenisvolle bydrae te lewer. Verder is hierdie sakesektor se bydrae tot die BBP, nieteenstaande beleid- en aansporingsmaatreëls, besig om te daal.
- Die staatsburokrasie word, met die uitsondering van enkele "eilande van voortreflikheid", nie as doeltreffend en professioneel beskou nie. Ofskoon Suid-Afrika oor 'n buitengewoon groot en hoogsbesoldigde staatsburokrasie beskik, word die bydrae tot die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie deur talle faktore benadeel. Kundiges voer aan dat korrupsie alleen daartoe kan lei dat die staatsburokrasie in duie stort.
- Die arbeidsmag is nie ten volle verbind tot die enkelvoudige doelstelling van ekonomiese groei soos deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis nie. Alhoewel sekere tendense daarop dui dat 'n beduidende gedeelte van die arbeidsmag wel die doelstelling van versnelde ekonomiese groei ondersteun, word die positiewe impak daarvan geneutraliseer deur die negatiewe uitwerking van 'n powerse werkssetiek wat uiting vind in arbeidsonrus, stakings, afwesigheid, onproduktiwiteit en onmededingendheid.
- Die opvoedkundige stelsel wat die kundigheid en vaardighede vir snelle ekonomiese groei moet lewer, is ontoereikend. Nieteenstaande die feit dat Suid-Afrika se besteding aan onderwys en opvoeding van die hoogste ter wêreld is, is vaardigheidstekorte in alle beroepsgroepe aan die orde van die dag.
- Die spaarkoers wat vir belegging aangewend kan word, is uitermate laag. Nie alleen beloop die spaarkoers slegs 14,5% van die BBP nie, maar buitelandse kapitaalinvloei is ook besig om 'n afname te toon.
- Die korporatistiese raamwerk is gebrekkig. Gemeet aan die strukturele vereistes, rolvereistes, gedragsvereistes en omgewingsvereistes waaraan 'n suksesvolle korporatistiese raamwerk moet voldoen, skiet die Suid-Afrikaanse raamwerk in velerlei opsigte ver te kort.
- Laastens is daar weinig sprake van samelewingsamehorigheid. Die Suid-Afrikaanse samelewing is, nieteenstaande die oorgang na 'n inklusiewe demokrasie in 1994, in velerlei opsigte steeds diep verdeeld. Tiperend is die klasse- en rasseverdelings; streeks- en etniese verskille; ideologiese verskille; ekonomiese ongelykheid; kulturele

verskille en vooroordele; politieke onverdraagsaamheid; rassisme; en die verdeeldheid wat deur die kragte van modernisme en tradisionalisme veroorsaak word.

In die geheel beskou, beantwoord eietydse Suid-Afrika nie aan die meeste wesenlike vereistes vir die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie nie. Dit beteken egter nie dat die ideaal vir die inwerkingstelling van sodanige strategie laat vaar of versak behoort te word nie. Vir Suid-Afrika is die ironie daarin geleë dat slegs die inwerkingstelling van 'n ontwikkelingstaatstrategie daardie snelle sosio-ekonomiese transformasie kan bewerkstellig wat nodig is om maatskaplike stabiliteit en ekonomiese vooruitgang te verseker. Gegewe hierdie besondere toedrag verkeer die maatskaplike hoofrolspelers onder die verpligting om 'n nasionale konvensie, soortgelyk aan die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (Kodesa), te belê waartydens almal hulself kollektief kan verbind tot die bevrediging van die vereistes wat deur 'n ontwikkelingstaatstrategie vereis word.

## Bibliografie

ACCESS. 2007. Tydskrif van die NOK vir kliënte en belanghebbendes. November. Uitgawe Een. <http://www.idc.co.za/access/includes/htmlnewsletter/exporter.html> (12 April 2015 geraadpleeg).

Adcorp. 2013a. Adcorp employment index, April. <http://www.adcorp.co.za/Documents/Adcorp%20Employment%20Index%20-%20201305.pdf> (3 Mei 2015 geraadpleeg).

—. 2013b. Static jobs in Feb but labour productivity hits 50 year low. <http://www.adcorp.co.za/NEws/Pages/StaticjobsinFebbutlabourproductivityhits50yearlow.aspx> (27 Desember 2014 geraadpleeg).

—. 2016. SA's economy desperately needs high-skilled workers. 22 Januarie. <http://www.adcorp.co.za/NEws/Pages/SA%E2%80%99seconomydesperatelyneedshigh-skilledworkers.aspx> (22 Januarie 2016 geraadpleeg).

Altbeker, A. en E. Storme. 2013. Graduate unemployment in South Africa. A much exaggerated problem. Centre for Development and Enterprise. [http://www.cde.org.za/wp-content/uploads/2013/04/GRADUATE%20UNEMPLOYMENT%20IN%20SOUTH%20AFRICA%20\\_A%20much%20exaggerated%20problem.pdf](http://www.cde.org.za/wp-content/uploads/2013/04/GRADUATE%20UNEMPLOYMENT%20IN%20SOUTH%20AFRICA%20_A%20much%20exaggerated%20problem.pdf) (16 April 2016 geraadpleeg).

ANC (African National Congress). 2007. 52nd National Conference: Resolutions. 20 Desember. <http://www.anc.org.za/content/52nd-national-conference-resolutions> (18 Julie 2014 geraadpleeg).

—. 2012. 53rd National Conference: Resolutions. <http://www.anc.org.za/docs/res/2013/resolutions53r.pdf> (19 April 2012 geraadpleeg).

Areff, A. 2015. Auditor general flags R25.7bn in irregular govt spending. *Mail&Guardian*, 24 November. <http://mg.co.za/article/2015-11-25-auditor-general-flags-r257bn-in-irregular-govt-spending> (5 Maart 2016 geraadpleeg).



Benjamin, C. 2013. SA loses over 55.2bn to sick leave says Adcorp. *Mail&Guardian*, 10 September. <http://mg.co.za/article/2013-09-10-00-adcorp-sick-leave-disruptive-to-the-economy> (24 Maart 2016 geraadpleeg).

Bernstein, A. 2016. Time to get SA back on a job-rich growth path. *Fin24*, 14 April. <http://www.fin24.com/Economy/time-to-get-sa-back-on-job-rich-growth-path-20160414> (14 April 2016 geraadpleeg).

Bhorat, H., K. Naidoo en K. Pillay. 2016. South African civil servants are the country's new labour elite. *Times Live*. 19 Februarie. <http://www.timeslive.co.za/politics/2016/02/19/South-Africa%E2%80%99s-civil-servants-are-the-country%E2%80%99s-new-labour-elite> (5 Maart 2016 geraadpleeg).

Bolesta, A. 2007. China as a developmental state. *Montenegrin Journal of Economics*, 5. [http://repec.mnje.com/mje/2007/v03-n05/mje\\_2007\\_v03-n05-a16.pdf](http://repec.mnje.com/mje/2007/v03-n05/mje_2007_v03-n05-a16.pdf) (16 Julie 2014 geraadpleeg).

Burger, P. 2014. How suitable is a “developmental state” to tackle unemployment, inequality and poverty in South Africa? *Econ3x3*, Maart. <http://www.econ3x3.org/sites/default/files/articles/Burger%20P%202014%20Developmental%20State%20FINAL.pdf> (10 Junie 2015 geraadpleeg).

BusinesDayLIVE. 2015. SA labour force survey highlights skills crisis. 27 Oktober. <http://www.bdlive.co.za/national/labour/2015/10/27/sa-labour-force-survey-highlights-skills-crisis> (21 Januarie 2016 geraadpleeg).

—. 2016. Editorial: Adding to the growth debate. 7 April. <http://www.businesslive.co.za/bd/opinion/editorials/2016-04-07-editorial-adding-to-the-growth-debate/> (7 April 2016 geraadpleeg).

BusinessTech. 2015. 10 implications of the madness of Zuma's actions. 12 Desember. <http://businesstech.co.za/news/business/106997/10-implications-of-the-madness-of-zumas-actions> (2 April 2015 geraadpleeg).

Byrnes, R.M. 1996. *South Africa: A country study*. Washington: Library of Congress. <http://countrystudies.us/south-africa/63.htm> (14 Junie 2014 geraadpleeg).

Creamer, T. 2016. South Africa's inaugural policy uncertainty index shows worrying spike. *Creamer Media's Engineering News*, 1 Februarie. <http://www.engineeringnews.co.za/article/south-africas-inaugural-policy-uncertainty-index-shows-worrying-spike-2016-02-01> (15 Junie 2016 geraadpleeg).

Cruickshanks, I. 2015. Regering hou SA ekonomie vasgeketting. *Netwerk24*. 28 Januarie. <http://www.netwerk24.com/sake/2015-01-28-regering-hou-sa-ekonomie-vasgeketting> (28 Januarie 2015 geraadpleeg).

De Vos, D. 2015. Eskom: the end is nigh, but will it go down alone? *Daily Maverick*, 20 April. <http://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2015-04-20-Eskom-the-end-is-nigh-but-will-it-go-down-alone/#.VTtNKE2Jj5o> (25 April 2014 geraadpleeg).

Edigheji, O. 2006. The discourse of the developmental state and a “people’s contract”. South Africa. Centre for Policy Studies (CPS). *Policy: Issues and Actors*, 19(5).  
<http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/download?doi=10.1.1.494.4647&rep=rep1&type=pdf> (19 Maart 2015 geraadpleeg).

—. 2010a. Constructing a democratic developmental state in South Africa: potentials and challenges. In Edigheji (red.) 2010.

Edigheji, O. (red.) 2010. *Constructing a democratic developmental state in South Africa: potentials and challenges*. Kaapstad: HSRC Press.  
<http://www.hsrcpress.ac.za/product.php?productid=2278> (3 Maart 2016 geraadpleeg).

Erasmus, S. 2015. South Africans amongst the world’s worst savers. *Fin24*, 7 Julie.  
<http://www.fin24.com/Savings/News/South-Africans-among-the-worlds-worst-savers-20150707> (11 Maart 2016 geraadpleeg).

ETU (Education and Training Unit).s.j. The developmental state.  
<http://www.etu.org.za/toolbox/docs/govern/state.html>(27 Junie 2014 geraadpleeg).

Ferreira, E. 2014. SA productivity at its lowest in 46 years.  
<http://www.moneyweb.co.za/archive/sa-labour-productivity-at-the-lowest-level-in-46-y/> (31 Julie 2014 geraadpleeg).

Fourie, D.J. s.j. The restructuring of state-owned enterprises: South African initiatives.  
[http://www.thepresidency.gov.za/electronicreport/downloads/volume\\_4/business\\_case\\_viability/BC1\\_Research\\_Material/5000055\\_History\\_of\\_SOEs\\_in\\_SA.pdf](http://www.thepresidency.gov.za/electronicreport/downloads/volume_4/business_case_viability/BC1_Research_Material/5000055_History_of_SOEs_in_SA.pdf)(2 Maart 2015 geraadpleeg).

Gates, B. 2014. Wealth and capital. Why inequality matters. Gates notes. The blog of Bill Gates. 13 Oktober 2014. <http://www.gatesnotes.com/Books/Why-Inequality-Matters-Capital-in-21st-Century-Review> (28 Desember 2014 geraadpleeg).

Georg, C. 2016. Why patronage and state capture spell trouble for South Africa. *Mail&Guardian*, 3 September. <http://mg.co.za/article/2016-09-03-why-patronage-and-state-capture-spell-trouble-for-south-africa> (6 September 2016 geraadpleeg).

GTI (Global Talent Index). Global Talent Index Report: The Outlook to 2015.  
[http://www.globaltalentindex.com/pdf/Heidrick\\_Struggles\\_Global\\_Talent\\_Report.pdf](http://www.globaltalentindex.com/pdf/Heidrick_Struggles_Global_Talent_Report.pdf) (27 Januarie 2016 geraadpleeg).

Gumede, W. 2009. Delivering the democratic development state in South Africa. Afdeling Ontwikkelingsbeplanning. Werksdokument Reeks no 9. Midrand: Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika: <http://www.dbsa.org/EN/About-Us/Publications/Documents/Policy%20Brief%20No.%201%20Delivering%20a%20democratic%20developmental%20state%20in%20South%20Africa.pdf>(14 Junie 2014 geraadpleeg).

Heywood, A. 2002. *Politics*. Tweede uitgawe. New York: Palgrave Macmillan.

- Hlongwane, S. 2013. SACP on the NDP: We do need a plan, just not this one. *Daily Maverick*, 17 Mei. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2013-05-17-sACP-on-the-ndp-we-do-need-a-plan-just-not-this-one/#.VvKOxWZJnIU> (23 Maart 2016 geraadpleeg).
- Jadoo, Y. 2015. School dropout rate holds South Africa back. *The Citizen*, 16 Maart. <http://citizen.co.za/344666/school-dropout-rate-holds-south-africa-back> (27 Januarie 2016 geraadpleeg).
- Joubert, U. 2016. Beleggers moet hierna kyk in onstuimige tye. *Netwerk 24*. 18 April. <http://www.netwerk24.com/Sake/Ekonomie/beleggers-moet-hierna-kyk-in-onstuimige-tye-20160417> (18 April 2016 geraadpleeg).
- Louw, L. 2015. Eskom is victim of bad policies and absurd expectations. *BusinessDayLIVE*, 25 Maart. <http://www.bdlive.co.za/opinion/columnists/2015/03/25/Eskom-is-victim-of-bad-policies-and-absurd-expectations> (9 April 2015 geraadpleeg).
- Lundahl, M. en L. Petersson. 2009. Post-Apartheid South Africa. An economic success story? United Nations University – World Institute for Development Economics Research (UNU-WIDER). Research Paper No. 2009/56. <https://www.wider.unu.edu/publication/post-apartheid-south-africa-0> (18 Julie 2014 geraadpleeg).
- Marrian, S. 2013. Cosatu says NDP threatens SA’s “progressive advances”. *BusinessDayLIVE*. 7 Junie 2013. <http://www.bdlive.co.za/national/2013/06/07/cosatu-says-ndp-threatens-sas-progressive-advances> (23 Maart 2016 geraadpleeg).
- Maswanganyi, N. 2016. Weak growth remains biggest risk to SA’s rating, Standard & Poor’s warns. *BusinessDayLIVE*, 6 April. <http://www.businesslive.co.za/bd/economy/2016-04-06-weak-growth-remains-biggest-risk-to-sas-rating-standard-amp-poors-warns/> (7 April 2016 geraadpleeg).
- Mavuso, Z. 2014. Can South Africa’s manufacturing sector rise again? *Engineering News*, 31 Oktober. <http://www.engineeringnews.co.za/article/can-south-africas-manufacturing-sector-rise-again-2014-10-31-1> (11 April 2016 geraadpleeg).
- Merten, M. 2016a. Rising discontent: What the stats say about SA’s socio-economic health. *Daily Maverick*, 21 April. [http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-21-rising-discontent-what-the-stats-say-about-sas-socio-economic-health/#.VxiU\\_2ZJnIU](http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-21-rising-discontent-what-the-stats-say-about-sas-socio-economic-health/#.VxiU_2ZJnIU) (21 April 2016 geraadpleeg).
- . 2016b. The Great Reversal: Stats SA claims black youth are less skilled than their parents. *Daily Maverick*, 18 April. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-04-18-the-great-reversal-stats-sa-claims-black-youth-are-less-skilled-than-their-parents/#.VxYjUWZJnIU> (19 April 2016 geraadpleeg).
- Meyns, P. en C. Musamba (reds). 2010. *The developmental state in Africa: Problems and Prospects*. INEF Report 101/2010. Universität Duisburg-Essen: Institut für Entwicklung und Frieden (INEF).

Moloi, P. 2012. Drivers of corruption in the South African public service. Public Affairs Research Institute. Symposium, Universiteit van die Witwatersrand, Augustus 2012. <http://pari.org.za/wp-content/uploads/Moloi-Drivers-of-corruption-in-the-SA-public-service-Aug12.pdf> (27 April 2016 geraadpleeg).

Munusamy, R. 2016. Motlanthe's showdown: ANC could end up a "dead organisation". *Daily Maverick*, 11 Maart. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2016-03-11-motlanthes-throwdown-anc-could-end-up-a-dead-organisation/#.VuJ2e0JunIU> (11 Maart 2016 geraadpleeg.)

Musamba, C. 2010. The developmental state concept and its relevance for Africa. In Meyns en Musamba (reds.) 2010.

NBK (Nasionale Beplanningskommissie). 2012. Summary of objectives and actions. <http://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Publications/National%20Planning%20Commission%20Diagnostics%20Overview%20of%20the%20country.pdf?ver=2015-03-19-134928-000> (11 Junie 2014 geraadpleeg).

Nedlac. 2013. National Economic and Development Council. 2013. NEDLAC background. <http://new.nedlac.org.za/> (25 April 2013 geraadpleeg).

Netshitenze, J. 2011. A developmental state. South Africa's developmental capacity. Mapungubwe Instituut vir Strategiese Refleksie (Mistra). 28 Januarie. <http://www.mistra.org.za/Library/ConferencePaper/Documents/South%20Africa's%20Developmental%20Capacity.pdf> (11 April 2016 geraadpleeg).

News24. 2015. SOE's can spark radical economic transformation. News24. 27 Mei. <http://allafrica.com/stories/201505271366.html> (15 April 2016 geraadpleeg).

—. 2016. We've allowed corruption to entrench itself in SA – chief justice. 8 April. <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/weve-allowed-corruption-to-entrench-itself-in-sa-chief-justice-20160408> (8 April 2016 geraadpleeg).

Nkosi, B. 2015. Of the 18% of matrics registered at universities, half drop out. *Mail & Guardian*, 21 Mei. <http://mg.co.za/article/2015-05-21-18-of-matrics-register-at-universities-half-drop-out> (16 Augustus 2016 geraadpleeg).

Nwokorie, U. s.j. Developmental states, characteristics and emergence. [http://www.academia.edu/5483586/Developmental\\_states\\_Characteristics\\_and\\_emergence](http://www.academia.edu/5483586/Developmental_states_Characteristics_and_emergence) (21 Maart 2016 geraadpleeg).

Paton, C. 2015. Power: Nene confirms R23bn cash injection for Eskom. BusinessDayLIVE, 26 Februarie. <http://www.bdlive.co.za/business/energy/2015/02/26/power-nene-confirms-r23bn-cash-injection-for-Eskom> (28 Maart 2016 geraadpleeg).

—. 2016. Government moves to open up parastatals. BusinessDayLIVE, 7 April. <http://www.businesslive.co.za/bd/national/2016-04-07-government-moves-to-open-up-parastatals/> (7 April 2016 geraadpleeg).

Pickworth, E. 2013. SA's competitiveness hit by absenteeism. *BusinessDaylive*, 30 Oktober. (23 Maart 2016 geraadpleeg).

Piketty, T. 2014. *Capital in the twenty-first century*. Harvard University Press. <http://www.hup.harvard.edu/catalog.php?isbn=9780674430006> (29 Desember 2014 geraadpleeg).

Potgieter, E. 2012. South Africa as a democratic development state: bureaucratically not there yet. <http://thoughtleader.co.za/mandelarahodesscholars/2012/06/12/south-africa-as-a-democratic-developmental-state-bureaucratically-not-there-yet> (4 Maart 2016 geraadpleeg).

Pressly, D. 2015. Brown refutes Eskom privatisation plans. *Fin24*, 14 Mei. <http://www.fin24.com/Economy/Eskom/Brown-refutes-Eskom-privatisation-plans-20150514> (14 Mei 2015 geraadpleeg).

Rand Daily Mail. 2015. Zuma has just done more damage to the economy than global financial crisis. 11 Desember. <http://www.rdm.co.za/business/2015/12/11/zuma-has-just-done-more-damage-to-economy-than-global-financial-crisis>(21 Maart 2016 geraadpleeg).

Roodt, D. 2016. Staatsdiens is oorgewig en kos te veel. *Netwerk24*. 28 Februarie. <http://www.netwerk24.com/Sake/Ekonomie/dawie-roodt-staatsdiens-is-oorgewig-en-kos-te-veel-20160228> (15 April 2016 geraadpleeg).

RSA (Republiek van Suid-Afrika). s.j. National Planning Commission. Die Presidensie. <http://www.npconline.co.za/> (27 November 2014 geraadpleeg).

—. s.j. Departement Handel en Nywerheid. Industrial development. [https://www.thedti.gov.za/industrial\\_development/industrial\\_development.jsp](https://www.thedti.gov.za/industrial_development/industrial_development.jsp) (12 April 2016 geraadpleeg).

—. 2015. Quarterly labour force survey, derde kwartaal, 2015. Statistiese vrystelling P0211. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02113rdQuarter2015.pdf> (9 April 2016 geraadpleeg).

SANews.gov.za. 2014. Media statement on the release of the Medium-term Strategic Framework 2014-2019. <http://www.sanews.gov.za/south-africa/medium-term-strategic-framework-2014-2019> (19 Desember 2015 geraadpleeg)

Small Enterprise Development Agency (SEDA). 2012. Research on the performance of the manufacturing industry in South Africa. <http://www.seda.org.za/Publications/Publications/Research%20on%20the%20Performance%20of%20the%20Manufacturing%20Sector.docx>(11 April 2016 geraadpleeg).

Seta South Africa. s.j. Skills education and training authorities in South Africa. <http://www.vocational.co.za> (12 Maart 2016 geraadpleeg).

Siaroff, A. 1999. Corporatism in 24 industrial democracies: Meaning and measurement. *European Journal of Political Research*, 36:175–205. <http://www.sociol.unimi.it/corsi/polcomp/materials/siaroff.pdf> (9 Maart 2013 geraadpleeg).

South African Government News Agency. 2015. The National Development Plan unpacked. <http://www.sanews.gov.za/south-africa/national-development-plan-unpacked> (16 Maart 2016 geraadpleeg).

SouthAfrica.info. 2015. Education in South Africa. 6 Oktober. <http://www.southafrica.info/about/education/education.htm#.Vxjj-2ZJnIU> (21 April 2016 geraadpleeg).

—. 2016. Manufacturing in South Africa. <http://www.southafrica.info/business/economy/sectors/manufacturing.htm#.VtgtOUJunIU> (3 Maart 2016 geraadpleeg).

Spector, J.B. 2013. South Africa, a developmental state? No chance. *Daily Maverick*, 26 Februarie. <http://www.dailymaverick.co.za/article/2013-02-26-south-africa-a-developmental-state-no-chance/#.V9kJ0mYkrIU> (14 September 2016 geraadpleeg).

Stanlib. 2011. SA National Planning Commission has identified nine key challenges facing the country. <http://www.stanlib.com/EconomicFocus/Pages/SANationalPlanningCommission.aspx> (25 Junie 2014 geraadpleeg).

—. 2012. SA National Planning Commission released their National Development Plan. <http://www.stanlib.com/EconomicFocus/Pages/SANationalDevelopmentPlan.aspx> (1 Mei 2013 geraadpleeg).

Struwig, J. e.a. 2013. State of the Nation: South Africa: 2012–2013. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. <http://www.hsrc.ac.za/en/research-data/view/6302> (28 Maart 2016 geraadpleeg).

Tandwa, L. 2016. Ramaphosa: Ekonomie te lank deur wit mense bestuur. *Netwerk24*. 24 Maart. (24 Maart 2016 geraadpleeg).

Techcentral. 2016. No wholesale SOE privatisation: Ramaphosa. 2 Maart. <http://www.techcentral.co.za/no-wholesale-soe-privatisation-ramaphosa/63646> (21 Maart 2016 geraadpleeg).

Times Live. 2015. R700 billion lost to corruption in 20 years. 28 Januarie. <http://www.timeslive.co.za/local/2015/01/28/r700-billion-lost-to-corruption-in-20-years> (9 Maart 2015 geraadpleeg).

University World News (UWN). 2010. South Africa: Decline in PhD numbers a major problem. 22 Augustus. <http://www.universityworldnews.com/article.php?story=20100820150736361> (18 Augustus 2016 geraadpleeg).

Van Rensburg, D. 2016. “No single cure” for SA’s economy. *City Press*, 24 April. <http://citypress.news24.com/Business/no-single-cure-for-sas-economy-20160422> (25 April 2016 geraadpleeg).

Van Rooyen, G. 2015. Investerings: SA val van no. 13 tot ... van die radar af. Netwerk24, 30 April. <http://www.netwerk24.com/sake/2015-04-30-investerings-sa-val-van-no-13-tot-van-die-radar-af> (30 April 2015 geraadpleeg).

Von Holdt, K. 2010a. The South African post-apartheid bureaucracy: inner workings, contradictory rationales and the development state. In Edigheji (red.) 2010.

—. 2010b. Nationalism, Bureaucracy and the developmental state: The South African case. *South African Review of Sociology*, 41(1). <http://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/21528581003676010> (20 Maart 2016 geraadpleeg).

Woo-Cumings, M. 1999. Introduction: Chalmers Johnson and the politics of nationalism and development. In Woo-Cumings (red.) 1999.

Woo-Cumings, M. (red.). 1999. *The developmental state*. New York: Cornell University Press.

### **Lys van afkortings**

ANC African National Congress

ASGI-SA Accelerated and Shared Growth Initiative-South Africa

BGSEB Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram

BBC Black Business Council

BSA Business South Africa

BUSA Business Unity South Africa

CDE Centre for Development and Enterprise

COSATU Congress of South African Trade Unions

CPS Centre for Policy Studies

ETU Education and Training Unit

FEDUSA Federation of Unions of South Africa

GEAR Growth and Economic Redistribution Programme

IPAP Industrial Policy Action Plan

MPME Ministry of Planning, Monitoring and Evaluation

MTSF Medium Term Strategic Framework

NACTU National Council of Trade Unions

NEDLAC National Economic Development and Labour Council

NIPF National Industrial and Policy Framework

NOP Nasionale Ontwikkelingsplan

NOK Nasionale Ontwikkelingskorporasie

RGN Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

RDP Reconstruction and Development Plan

SAKP Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party

SAIRV Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings

SEDA Small Enterprise Development Agency

SETA Skills Education Training Authorities

UWN University World News